JAARVERSLAG 2010



KAAP AGRI IS ’N LANDBOUDIENSTEGROEP WAT ’N VERSKEIDENHEID PRODUKTE EN DIENSTE AAN HOOFSAAKLIK DIE LANDBOUSEKTOR, MAAR OOK DIE ALGEMENE PUBLIEK, VERSKAF.

Kaap Agri het 126 bedryfspunte wat strek oor 78 stede, dorpe en plekke, en sluit gebiede in soos die Swartland, Boland, Wynland, Overberg, Langkloof, Namakwaland, Oranjerivier, Namibië en die gebiede tussenin, asook Limpopo, Mpumalanga en Gauteng.

Kaap Agri is ook die grootste aandeelhouer in Pioneer Voedsel Groep Beperk.

INHOUD

Besigheidsprofiel	2
Raad van direkteure	4
Uitvoerende bestuur	5
Voorsittersoorsig	6
Finansiële oorsig	8
Vyfjaar finansiële oorsig	10
Volhoubaarheid	12
Korporatiewe bestuur	14
Aandelestatistiek	17
Verklaring van direkteursverantwoordelikheid en goedkeuring	18
Verklaring van die maatskappysekretaris	18
Verslag van die ouditkomitee	19
Verslag van die onafhanklike ouditeure	20
Direkteursverslag	21
Rekeningkundige beleid	22
Staat van finansiële posisie	34
Inkomstestaat	35
Staat van omvattende inkomste	36
Staat van veranderinge in ekwiteit	37
Staat van kontantvloeie	38
Aantekeninge by die finansiële jaarstate	39
Kaap Agri Beperk – finansiële jaarstate en aantekeninge	62
Administrasie	64
Kennisgewing van algemene jaarvergadering	65
Volmagvorm	67

BESIGHEIDSPROFIEL

	HANDEL	MEGANISASIE
Dienste	• Produksiemiddele • Pakmateriaal • Hardeware • Brandstof • Buitelewe	• Trekkers • Stropers • Grondbewerking • Onderdele • Werkswinkels
Doel	Verskaffing van 'n volledige reeks produksiemiddele en ander goedere aan landbouprodusente sowel as die algemene publiek.	Verskaffing van 'n volledige reeks meganiese toerusting en dienste.
Bedryfspunte	• 57 Agrimark-winkels • 18 Pakmark-winkels • 2 Villagemart-winkels • 5 Liquormark-winkels • 2 Agrimark-depots • Wes-Kaap • Noord-Kaap • Limpopo • Mpumalanga • Namibië	• 9 Werkswinkels • 8 Onderdele-takke • 5 Brandstofdepots • Wes-Kaap

Finansieel	**2010 R'000**	2009 R'000	**2010 R'000**	2009 R'000
Inkomste	**1 927 949**	1 792 764	**159 124**	120 375
Wins voor belasting	**81 062**	90 057	**4 185**	1 525
Bruto bates	**503 510**	459 899	**42 381**	48 932
Netto bates	**189 327**	185 448	**30 029**	40 259

AS PERSENTASIE VAN TOTAAL



PRODUKTE	BESPROEIING	KORPORATIEF EN FINANSIERING
• Graanontvangste en -gradering • Graanbemarking • Graanopberging • Saadverwerking • Aartappelmoere	• Drupperpyp • Pompe • Sproeiers en spuite • Filters • Outomatisasie	• Finansiering • Finansies • Menslike hulpbronne en Kommunikasie • Interne oudit • IT dienste
Verskaffing van 'n volledige reeks bemarkings- en verskansingsopsies sowel as hantering van graanprodukte tussen produsent en koper.	Vervaardiging van drupperpyp en ander besproeiingstoebehore, sowel as verspreiding van agentskaps- en ander besproeiingsonderdele.	Verskaffing van ondersteuningsdienste vir die groep se aktiwiteite. Verskaffing van pasgemaakte finansiering vir produsente.
• 14 Silokomplekse • 350 000 ton-kapasiteit • 2 Saadverwerkingsaanlegte • Wes-Kaap	• 1 Fabriek • 6 Verspreiderspunte • Wes-Kaap • Gauteng • Mpumalanga	• Hoofkantoor Malmesbury • 12 Streekkredietkantore • Wes-Kaap • Noord-Kaap • Mpumalanga • Namibië

2010 R'000	2009 R'000	**2010 R'000**	2009 R'000	**2010 R'000**	2009 R'000
284 709	279 406	**70 037**	74 756	**7 737**	6 790
17 175	29 793	**3 584**	3 074	**1 110**	9 928
48 627	42 110	**23 927**	28 164	**823 341**	791 321
33 852	31 368	**18 247**	19 338	**419 216**	344 405

GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID



RAAD VAN DIREKTEURE

VOORSITTER

GD (George) Eksteen ■ ★

ONDERVOORSITTER

ASM (Mohammad) Karaan ■ ★

NIE-UITVOEREND

FA (Fran) du Plessis ◘

BS (Bernhardt) du Toit ◘

CJ (Chris) du Toit (Uitgetree: 11 Februarie 2010)

IJ (Sakkie) Hugo (Afgetree: 11 Februarie 2010)

NC (Niko) Loubser ●

HS (Stanley) Louw ●

JF (Jannie) Mouton (Bedank: 11 Februarie 2010)

CA (Chris) Otto ◘ ■ ★

HM (Helgard) Smit ●

JH (Kosie) van Niekerk ◘ ●

UITVOEREND

CA (Corwyn) Botha (Besturend) ■

JJ (James) Matthee (Finansieel) ●

S (Sean) Walsh (Bedryf)

◘ Ouditkomitee
■ Menslike Hulpbronne komitee
● Finansieringskomitee
★ Nominasiekomitee

UITVOERENDE BESTUUR

Wian Beukes	Hoofbestuurder: Handel – Binneland
Corwyn Botha	Besturende Direkteur
Johan de Lange	Hoofbestuurder: Produkte
Philip Faure	Besturende Direkteur: RSA Agri Makelaars
Charl Graham	Groepbestuurder: Inligtingstegnologie
Kobus Jacobs	Hoofbestuurder: Handel – Namibië
Reinhard Köstens	Groepsekretaris
Johan Liebenberg	Direkteur Menslike Hulpbronne: Kaap Agri Bedryf
Francois Loots	Hoofbestuurder: Handel – Noord-Kaap
James Matthee	Finansiële Direkteur
Ian Schooling	Hoofbestuurder: Agriplas
Hennie Smit	Hoofbestuurder: Verkryging en Logistiek
Francois Swanepoel	Hoofbestuurder: Handel – Kus
Dawie van Rensburg	Hoofbestuurder: Meganisasie
Gerhard Victor	Groepbestuurder: Finansies
Sean Walsh	Bedryfsdirekteur
Bertus Wolmarans	Groepbestuurder: Finansieringsdienste

VOORSITTERSOORSIG

Die afgelope jaar was een van gemengde suksesse en hoogtepunte. Eksterne faktore soos die algemene ekonomiese omstandighede in nadraai tot die resessie, asook prysdruk in sekere boerderysektore, het besondere uitdagings gestel om die goeie groei van die voorafgaande twee jare net te ewenaar. Die feit dat daarin geslaag kon word om die omset in reële terme te laat groei was bemoedigend en word as een van die suksesse beskou. Dit sou nie moontlik gewees het as die maatskappy net agteroorgesit en gewag het vir besigheid nie.

BESIGHEIDSOMGEWING

Die finansiële jaar het in die nadraai van prysverlagings oor 'n breë front begin op dieselfde lae noot waarop die vorige finansiële jaar geëindig het. Omsette was, ondanks die nuwe toevoegings waarna later verwys word, aansienlik laer as begroting en selfs die voorafgaande tydperk. Namate die jaar gevorder het, het besigheidsvertroue toegeneem en is daar veral oor die laaste twee maande 'n merkbare toename in besigheidsvertroue. Hierdie tendens blyk ook voortgesit te word in die begin van die komende finansiële jaar.

LANDBOU

Die landboutoestande oor Kaap Agri se bedieningsgebied was oor die algemeen gunstig. Klimaatsgewys was dit 'n gemiddelde jaar, en aanvaarbare opbrengste en pryse is deur produsente gerealiseer. Die uitsondering was in die koringgebiede waar 18% minder oppervlak gesaai is, die graad ietwat teleurstellend was en die pryse steeds onder langtermyn volhoubare vlakke is. Die prysbeskerming en subsidies wat in ander lande geld, maak dit al hoe minder mededingend om koring plaaslik te verbou en 'n derde van binnelandse verbruik word reeds ingevoer. Bestaande heffings wat veronderstel is om voedselsekuriteit te bevorder, is onrealisties laag en lewer geen ondersteuning aan die bedryf nie. Ingevoerde voedsel beteken nie noodwendig goedkoper pryse nie, maar beteken ook ingevoerde arbeid en uitvloei van kapitaal.

Kaap Agri se verspreiding oor verskeie geografiese gebiede, asook verskeie kommoditeite, beteken dat hy nie net blootgestel is aan een produk of gebied nie. Hierdie diversifikasie versprei risiko wat eie is aan landbou wat blootgestel is aan verskeie faktore waaroor die produsente, en dus kliënte, geen beheer het nie. Dit kan ook waargeneem word in die debiteureboek waar geen konsentrasie van groot individuele risiko's lê nie.

UITBREIDINGS

Kaap Agri het gedurende die jaar agt nuwe handelstakke geopen, drie in Namibië, een in die Noord-Kaap, een in die Suid-Kaap en drie in die Wes-Kaap. Dit bring die getal takke wat gedurende die afgelope twee jaar verkry of gevestig is op 14 te staan. Twee boetiekdrankwinkels is ook gevestig wat as deel van bestaande takke bestuur sal word. 'n Verdere vier nuwe takke is sedert die finansiële jaareinde geopen. Klem word gelê op die ontginning van die stedelike mark ter aanvulling van die landboumark waar groeigeleenthede tans beperk is. Daar word egter ook gepoog om dienslewering aan die landboumark te verbeter deur opgradering van infrastruktuur en die vestiging van depots om nader aan produsente te kom. Kaap Agri sal voortgaan om die besigheid te groei deur nuwe geleenthede binne die bestaande besigheid te ontgin, en ook deur die vestiging en verkryging van nuwe takke.

BEMAGTIGING

Kaap Agri is trots daarop dat hy gedurende die afgelope jaar reeds as vlak 8-bydraer tot swart ekonomiese bemagtiging gekwalifiseer het, 'n jaar vroeër as wat sy eie padkaart na SEB vereis het. Verskeie programme is in proses, maar het nog nie die minimum drempelvlakke bereik wat nodig is vir kwalifikasie van punte nie. Kaap Agri gaan egter voort om deur interne prosesse, soos opleiding, ontwikkeling, versnelde programme en geleenthede, SEB te bevorder, nie net ter verwerwing van punte nie, maar ook om personeel op alle vlakke werklik te bemagtig. Landbou, en veral op die platteland, is nie hoog op die voorkeurlys as werkgewers van gekwalifiseerde SEB-kandidate nie, en die uitdaging is om die regte mense te identifiseer, hulle aan te stel of te bevorder en op te lei en te ontwikkel en dan ook te behou. Ongelukkig is dit ook hierdie suksesvolste mense wat dan die teiken van ander besighede word.

Kaap Agri doen ook moeite om opkomende boere by te staan en te help om in ekonomies volhoubare kommersiële boere te ontwikkel. Kaap Agri se bedieningsgebied het egter histories nie baie voorheen benadeelde boere nie en projekte is van 'n beperkte omvang.

Kaap Agri is besig met samesprekings en gesprekke wat, indien dit slaag, Kaap Agri se bemagtigingstatus drasties sal verhoog. 'n Aankondiging in dié verband kan moontlik reeds vroeg in die nuwe jaar gedoen word.

PIONEER VOEDSEL

Wanneer na Pioneer Voedsel verwys word, is die eerste gedagte wat opkom waarskynlik die Mededingingskwessie. Kaap Agri wil nie dit wat na bewering daar gebeur het, verskoon nie, maar is van mening dat Pioneer Voedsel moontlik buite verhouding hard gestraf is vir gebruike waaraan ander rolspelers meer skuldig was. Kaap Agri het Pioneer Voedsel ondersteun in sy ondersoeke, aksies en onderhandelinge oor die kwessie en is dankbaar dat 'n finale skikking bereik kon word sodat Pioneer Voedsel nou verder op sy bedryfsaktiwiteite kan fokus.

Benewens die Mededingingskwessie het Pioneer Voedsel 'n uitstekende jaar gehad met groei in aangepaste wesensverdienste van 43%. Weens die impak en uitwerking van die Mededingingskikking het Pioneer Voedsel besluit om vir die huidige jaar geen dividend te verklaar nie, en Kaap Agri aanvaar dit as 'n konserwatiewe benadering. Die groeivooruitsigte vir Pioneer Voedsel lyk egter baie belowend en Kaap Agri verwag dat Pioneer Voedsel reeds weer in die komende jaar sy dividendbetalings sal hervat.

GROEPRESULTATE

Die reële toename van 9% in omset kan in 'n groot mate toegeskryf word aan nuwe uitbreidings aangesien die boerderyaktiwiteite in baie gebiede laer was. Dit bevestig die strategie van groei buite bestaande besigheid en gebiede.

Kaap Agri se wesensverdienste uit eie bedrywighede was 20% laer as die vorige jaar, hoofsaaklik weens druk op marges as gevolg van prysverlagings. Kaap Agri is 'n hoëomset-, maar laemarge-besigheid en die wins is daarom baie sensitief vir veranderings in marges.

Die totale geëkwiteerde aangepaste wesensverdienste het toegeneem met 20% tot R350,5 miljoen.

DIVIDEND

Kaap Agri se dividendbeleid was nog altyd om 'n dividend te betaal onderhewig aan Kaap Agri se eie behoeftes en vermoëns, en om nie net 'n deurvloei van Pioneer Voedsel se dividend te wees nie. Die Raad het daarom, ondanks die feit dat Pioneer Voedsel nie 'n dividend verklaar het nie, besluit om die finale dividend dieselfde te hou as die vorige jaar. Weens die laer tussentydse dividend wat betaal is, is die totale dividend vir die jaar 24 sent per aandeel, of R59,1 miljoen, teenoor die vorige jaar se 30 sent per aandeel.

AANDELEVERHANDELING

Aandele word verhandel oor 'n interne toonbank deur gebruikmaking van 'n gesofistikeerde gerekenariseerde verhandelingstelsel wat die integriteit van verhandeling ondersteun. Altesaam 5,3% van Kaap Agri se aandele het gedurende die jaar verhandel wat beskou word as baie likied vir 'n ongenoteerde aandeel. Die geweegde gemiddelde verhandelingsprys was R7,76 per aandeel wat 40% hoër is as die vorige jaar.

VOORUITSIGTE

Die huidige koringoes, alhoewel kleiner, beloof om in totaal meer winsgewend te wees vir produsente. Dit kan dus produsente se finansiële situasie verbeter wat hulle kan aanmoedig om die komende seisoen meer te plant. Ander bedrywe het 'n normale jaar beleef en die verwagting is dat uitbreidings en vervangings deur produsente wat tydens die resessie agterweë gelaat is, weer geleidelik sal begin posvat.

Kaap Agri se eie verwagting en waarneming is dat die ekonomie en besigheid reeds begin momentum kry en dat nuwe investerings oor die afgelope twee jaar ook 'n groter bydrae tot winste sal begin lewer. Kaap Agri sien dus uit na 'n matige groei teenoor die afgelope jaar en sal voortgaan om geleenthede vir groei te benut.

FINANSIËLE OORSIG

GROEPRESULTATE

	2010	2009	Toename/ (Afname)
Omset: waarde van sake gedoen	**R3 471,4 miljoen**	R3 335,8 miljoen	4,1%
Aangepaste wesensverdienste	**R350,5 miljoen**	R292,7 miljoen	19,7%
– Bedrywe	**R78,2 miljoen**	R97,7 miljoen	(19,9)%
– Beleggings	**R272,3 miljoen**	R195,0 miljoen	39,6%
Aangepaste wesensverdienste per aandeel	**142,3 sent**	119,0 sent	19,6%
Dividend per aandeel	**24 sent**	30 sent	(20,0)%

Die omset vir die eerste ses maande van die finansiële jaar was beduidend laer as die ooreenstemmende tydperk, hoofsaaklik weens dalende pryse, asook die nasleep van die negatiewe ekonomiese klimaat. Die omset het egter gedurende die tweede helfte van die jaar geleidelik verbeter en die totale omset vir die jaar is 4,1% hoër as die vorige jaar. Hierdie toename is hoofsaaklik reële groei uit meer verkope en nuwe besighede, terwyl daar feitlik geen prysverhogings was nie.

Die totale aangepaste wesensverdienste vir die jaar, wat insluit Pioneer Voedsel op 'n geëkwiteerde basis, maar sonder die skikking waarna hieronder verwys word, is 19,7% hoër as die vorige jaar op R350,5 miljoen.

BEDRYWE

Inkomstestaat

Die totale waarde van sake gedoen, direkte besigheid ingesluit, het met 4,1% toegeneem tot R3 471,4 miljoen. Verdere prysverlagings by hoofsaaklik kunsmis, voere, staal en draad asook verpakkingsmateriaal het na regte aanleiding gegee tot 'n verlaging in omset van ongeveer 5%, sodat die reële groei inderdaad ongeveer 9% was.

Weens die prysverlagings en strawwer ekonomiese omgewing was marges onder druk en was die totale bruto winsmarge wat gerealiseer kon word marginaal kleiner as die vorige jaar.

Totale kostes het met 11,4% toegeneem. Die hoër-as-inflasie-toename is toe te skryf aan nuwe uitbreidings en verkrygings se kostes wat nie volledig in die vorige periode in bedryf was nie.

Finansieringskoste het afgeneem met 31,1% weens die verlaging van rentekoerse met 6 persentasiepunte oor die afgelope twee jaar. Hierdie verlagings het ook die rente ontvang op debiteure reglynig beïnvloed, en die netto rente ontvang was onveranderd teenoor die vorige jaar.

Die verdienste uit eie bedrywighede is 18,4% laer as die vorige jaar, terwyl wesensverdienste uit bedrywighede, na terugtelling van items van 'n kapitale en nie-herhalende aard, 19,9% laer is.

Segmentverslag

Die bedryfsegmente se totale wins het met 14,8% gedaal.

Die Handelsdivisie, wat insluit Agrimarkte en Pakmateriaal-verskaffing, se omset het met 7,5% toegeneem. Die wins was egter 10,0% laer as die vorige jaar weens druk op marges, maar ook weens die vestigings- en aanvangskostes van nuwe takke en uitbreidings wat nog nie 'n bydrae gelewer het tot winste nie.

Benewens die ses Pakmark-takke in Limpopo en een in die Langkloof wat in die vorige jaar bekom is, is 'n verdere drie takke in Namibië, een in die Noord-Kaap, een in die Suid-Kaap en drie in die Wes-Kaap geopen. Twee Liquormark-winkels is geopen, en vier nuwe takke is in die proses om geopen te word.

Die Pakmark-takke het reeds 'n bydrae tot die wins gelewer, en daar word verwag dat die ander toevoegings in die komende jaar ook 'n klein bydrae tot die wins sal begin lewer. Alhoewel dit 'n tydjie neem vir nuwe uitbreidings om winsgewend te wees, is dit belangrik dat die divisie voortgaan om ook te groei deur uitbreiding van sy taknetwerk.

Graanhantering en -bemarking en die Saaddivisie se wins het met 42,4% gedaal. Die inkomste uit hantering en opberging van graan, wat die divisie se hoofbron van inkomste is, was beduidend laer weens 'n baie kleiner koringoes, teenoor die vorige jaar waar 'n baie groot oes hanteer en langer opgeberg is. Koringpryse was ook baie laer wat die geleentheid vir marges op verhandeling baie beperk het. Die divisie se sukses is grootliks afhanklik van volumedeurset en alle pogings word aangewend om dit so aantreklik en kostevoordelig as moontlik vir produsente te maak om hulle produkte deur Kaap Agri se fasiliteite te lewer.

Die Meganisasie-divisie se omset het met 32,2% toegeneem en die wins met 174,4%. Dit was veral die werkswinkels en heelgoedere-onderafdelings wat die grootste bydraes tot die verbetering gelewer het.

Die besproeiingsfiliaal, Agriplas, het sy wins met 16,6% verhoog ten spyte van 'n klein afname in omset. Dit is moontlik gemaak deur streng kostebestuur.

Die Korporatiewe segment bestaan hoofsaaklik uit die koste van ondersteuningsdienste. Die afname in die kostes dui op streng en verantwoordelike kostebestuur, ten spyte van die toename in aktiwiteite wat meer aandag van ondersteuningsdienste verg.

In totaal is die Handelsdivisie se bydrae tot die bedryfsinkomste 76,5% (2009: 72,4%), Produktedivisie 16,2% (2009: 23,9%), Meganisasiedivisie 3,9% (2009: 1,2%) en Agriplas 3,4% (2009: 2,5%).

Staat van finansiële posisie

Die toename in eiendom, aanleg en toerusting, na waardevermindering en vervreemdings, was hoofsaaklik as gevolg van die verkrygings en opgraderings waarna reeds verwys is.

Die matige toename in voorraad kan toegeskryf word aan prysverlagings, waarna reeds verwys is, wat die toename weens uitbreidings en verkrygings grootliks geneutraliseer het.

Debiteure en produksielenings het toegeneem met 6,8% wat marginaal hoër is as die toename in omset. Alhoewel daar 'n toename in totale debiteure en debiteure buite terme was, is hierdie toename nie beduidend nie, en is die kwaliteit van debiteure steeds gesond.

Die Direksie is terdeë bewus van die risiko wat opgesluit lê in debiteure en produksiefinansiering en strukture is in plek om deurlopend aandag hieraan te gee. Die Direksie is van mening dat voorsienings en reserwes voldoende is om die risiko's te dek.

Krediteure het met 9,3% toegeneem. Die afname in korttermynlenings moet ook saam gelees word met krediteure en inkomstebelasting aangesien die tydstip van betaling die syfers interafhanklik van mekaar maak.

Netto rentedraende skuld het afgeneem met 7,6%, in lyn met die afname in korttermynlenings waarna hierbo verwys is. Die verhouding netto rentedraende skuld tot totale bates het feitlik onveranderd gebly op 11,6%. Indien die totale bates van slegs die bedrywighede in ag geneem word, is die verhouding 24,3%.

Die Groep se staat van finansiële posisie is baie gesond met totale aandeelhouersbelang teenoor totale bates op 74,7%. Indien slegs die bedryf geneem word, sonder die belegging in Pioneer Voedsel, is hierdie verhouding 46,7%, wat volgens die oordeel van die Direksie 'n aanvaarbare ratverhouding vir die bedryfsmaatskappy is.

Kontantvloei uit eie aktiwiteite was hoër as die vorige jaar, hoofsaaklik weens die afname in netto bedryfskapitaal asook 'n vermindering in belasting betaal. Kontantvloei is binne beplanning en begroting en die Groep handhaaf nog 'n gesonde balans tussen skuld en beskikbare bankfasiliteite.

BELEGGINGS

Die resultate van Pioneer Voedsel word op 'n ekwiteitsgrondslag in die finansiële state verantwoord, wat beteken dat 'n proporsionele gedeelte van Pioneer Voedsel se behoue inkomste as Aandeel in behoue inkomste van geassosieerde getoon word. Kaap Agri se stemregbelang in Pioneer Voedsel is 28,7%, maar weens beperkte winsdeling van sekere klasse aandele is die ekonomiese belang in die wins 31,2%. Dividende wat ontvang word, word direk teen die drawaarde van die belegging afgeskryf.

Pioneer Voedsel se wins uit bedrywighede het met 43,4% toegeneem tot R890,5 miljoen ondanks 'n afname van 3% in omset. 'n Afname in grondstofpryse en verhoogde effektiwiteit het die bedryfsmarge laat toeneem van 7,1% tot 8,9%.

Die verhouding rentedraende skuld tot ekwiteit het verbeter van 14% tot 9%. Pioneer Voedsel het gedurende die tydperk met die Mededingingskommissie onderhandel en geskik op sekere beweerde oortredings van die Mededingingswet. Die totale skikkingsbedrae is oor tyd en op verskillende maniere betaalbaar. Weens die impak wat die skikkingsbedrae op Pioneer Voedsel se resultate het, het Pioneer Voedsel geen tussentydse of finale dividend verklaar nie. Die verskil tussen die verdienste en aangepaste wesensverdienste is hoofsaaklik toe te skryf aan die skikkingsbedrae.

Die kernsyfers van Pioneer Voedsel is soos volg:

	2010	2009	Toename/ (Afname)
Inkomste (R miljoen)	**15 731,3**	16 283,9	(3,4)%
Verdienste (R miljoen)	**234,5**	560,5	(58,0)%
Aangepaste wesensverdienste (R miljoen)	**890,6**	620,9	43,4%
Aangepaste wesensverdienste per aandeel (sent)	**503,0**	355,4	41,5%
Dividend per aandeel verklaar (sent)	**–**	125,0	–
Dividend toegeval aan Kaap Agri (R miljoen)	**–**	69,5	–
Drawaarde in Kaap Agri se state (R miljoen)	**1 570,5**	1 543,6	1,7%

Die markwaarde van die Groep se belang in Pioneer Voedsel teen die verhandelingsprys van R47,60 per aandeel op 30 September 2010, bedra R2 648 miljoen.

FINANSIËLE JAARSTATE

Breedvoerige besonderhede van kontantvloei, bewegings in ekwiteit, bates, laste, inkomste en uitgawes en ander statutêre inligting word in die Groepstate geopenbaar. Hierdie oorsig moet ook saamgelees word met die direkteursverslag van die Groepstate.

DIVIDEND

'n Finale dividend van 22 sent per aandeel, wat dieselfde as die vorige tydperk is, word voorgestel. Die totale dividend vir die jaar is 24 sent teenoor die vorige jaar se 30 sent. Dit is in lyn met die Raad se beleid om dividende te betaal onderhewig aan die Groep se eie behoeftes en omstandighede.

VYFJAAR FINANSIËLE OORSIG

	GROEP				
	2010	2009	2008	2007	2006
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Inkomstestaat					
Inkomste	**2 449 556**	2 274 091	2 363 094	1 701 051	1 415 306
Direkte besigheid	**1 021 879**	1 061 671	1 003 546	759 434	675 116
Waarde van sake gedoen	**3 471 435**	3 335 762	3 366 640	2 460 485	2 090 422
Aangepaste wesensverdienste					
– Bedrywe	**78 196**	97 697	91 669	60 793	46 580
– Beleggings	**272 356**	195 029	148 723	135 293	129 077
– Totaal	**350 552**	292 726	240 392	196 086	175 657
Aangepaste wesensverdienste per aandeel (sent)					
– Bedrywe	**31,74**	39,71	39,16	31,20	24,69
– Beleggings	**110,56**	79,26	63,53	69,43	68,42
– Totaal	**142,30**	118,97	102,69	100,63	93,11
Dividend per aandeel (sent)	**24,00**	30,00	23,00	15,00	11,00
Staat van finansiële posisie					
Bruto bates					
– Bedrywe	**1 446 341**	1 372 087	1 325 791	1 192 363	1 036 357
– Beleggings	**1 570 452**	1 543 622	1 431 926	1 255 830	736 230
	3 016 793	2 915 709	2 757 717	2 448 193	1 772 587
Laste en lenings	**(753 386)**	(749 725)	(784 050)	(728 487)	(667 045)
Aandeelhouersbelang	**2 263 407**	2 165 984	1 973 667	1 719 706	1 105 542
Netto rentedraende skuld	**329 405**	356 586	307 280	308 598	314 070
Netto batewaarde per aandeel					
Geassosieerdes ingesluit teen ekwiteitsmetode					
– Bedrywe	**R2,81**	R2,53	R2,20	R2,02	R1,97
– Beleggings	**R6,38**	R6,26	R5,83	R5,45	R3,92
– Totaal	**R9,19**	R8,79	R8,03	R7,47	R5,89
Geassosieerdes ingesluit teen markwaarde na aftrekking van kapitaalwinsbelasting	**R12,52**	R9,50	R7,49	R9,01	R7,26
Aandele uitgereik (aantal – '000)	**246 340**	246 340	245 890	230 148	187 798
Verhoudings					
Totale aandeelhouersbelang : Totale bates aangewend	**74,66%**	72,97%	70,95%	66,94%	59,13%
Netto rentedraende skuld : Totale bates aangewend					
– Bedrywe	**24,34%**	24,61%	24,46%	27,94%	36,96%
– Totaal	**11,56%**	11,70%	11,83%	14,75%	22,35%
Aangepaste wesensverdienste : Aandeelhouersbelang					
– Bedrywe	**11,89%**	16,78%	18,23%	14,59%	14,03%
– Beleggings	**17,49%**	13,11%	11,07%	13,58%	19,29%
– Totaal	**15,83%**	14,14%	13,02%	13,88%	17,55%
Bedryfsmarge	**2,25%**	2,93%	2,72%	2,47%	2,23%

Verhoudings bereken op gemiddelde saldo's

Omset



Aangepaste wesensverdienste



Rentedraende skuld



Dividend



VOLHOUBAARHEID

BELANGHEBBERS

Die gemeenskap waarin Kaap Agri sake doen bring verantwoordelikhede teenoor die omgewing en belanghebbers mee. Die omgewing sluit in die fisiese omgewing, maatskaplike en sosiale omgewing, ekonomiese omgewing en politieke omgewing.

Belanghebbers is almal met wie Kaap Agri, direk en indirek, in aanraking kom. Dit sluit daarom in klante, personeel, aandeelhouers, verskaffers, finansierders, die Staat, mededingers, konkurrente, die gemeenskap en ook al die belanghebbers van hierdie belanghebbers.

Kaap Agri se besigheidsfilosofie streef na 'n balans tussen die omgewing en al hierdie belanghebbers ten einde volhoubare groei en welvaart te verseker.

INDIENSNEMING

Kaap Agri streef daarna om die aangewese kategorie meer verteenwoordigend in die Groep, en veral ook op alle bestuursvlakke, te kry en het duidelike doelwitte in dié verband.

Nie net vind nuwe aanstellings en bevorderings plaas in lyn met die riglyne van die Wet op Gelyke Indiensneming nie, maar die Groep se beleid bepaal dat alle aanstellings en bevorderings eers gemeet moet word aan die voldoening, al dan nie, van die gestelde doelwitte.

Op junior- en middelbestuursvlak is die Groep goed geplaas en ruim binne sy doelwitte, maar op senior bestuursvlak is daar nog ruimte vir verbetering.

Daar bestaan geen diskriminasie in die werkplek of in terme van beleid of diensvoorwaardes nie en alle personeel het gelyke toegang tot alle voordele of skemas wat aangebied word.

VERGOEDINGSFILOSOFIE

Die vergoedingsfilosofie het ten doel om 'n bedrewe personeelkorps te vestig en te behou. Personeel word markverwant op 'n Totale Koste Van Indiensname (TKVI) basis vergoed en kan self 'n keuse maak van die verdeling van hulle TKVI tussen voordele en skemas wat aangebied word.

Die basiese vergoeding kan aangevul word deur winsdelingskemas, wat op alle personeel van toepassing is, ten einde prestasie aan te moedig.

OPLEIDING EN ONTWIKKELING

Kaap Agri se beleid is om eerstens interne potensiaal en talent te ontgin voordat aanstellings van buite gemaak word. 'n Proaktiewe proses van talent-identifisering word gevolg en toepaslike opleidings- en ontwikkelingsprogramme word rondom die spesifieke behoeftes gestruktureer, beide intern en ekstern waar nodig.

Opleiding en ontwikkeling geskied verder volgens 'n vooraf uitgewerkte opleidingsplan wat die behoeftes van die Groep en die werknemer, sowel as die potensiaal van die werknemer, wil verwesenlik. Hierdie opleidingsprogramme is nie net op die behoeftes van die Groep en die taak gerig nie, maar poog ook om die individu as persoon te ontwikkel.

Die Groep is 'n aktiewe deelnemer aan die AgriSETA, en beskik oor 113 assessors, 80 mentors en 17 moderators. Verskeie leerlingskappe word deurlopend onder SETA bedryf en daar is reeds meer as 288 interne leerlingskappe voltooi met 'n verdere 64 in proses. Die maatskappy is gekwalifiseer as 'n geakkrediteerde opleidingsdiensverskaffer vir die AgriSETA en kan dus opleiding aan eksterne persone verskaf.

Selfontwikkeling word ook aangemoedig deur die beskikbaarstelling van finansiering vir buitemuurse studie en vergoeding van kostes by behaling van kwalifikasies. Kaap Agri verskaf ook finansiële ondersteuning aan 12 eksterne studente deur middel van kort- en langtermynbeurse.

Sowat 70% van die totale opleidingsbegroting word bestee aan persone uit die aangewese kategorie.

SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB)

Die Groep het oor die afgelope drie jaar strukture in plek gestel om SEB volgens 'n vooropgestelde padkaart aktief te implementeer. Alhoewel daar op die meeste aspekte van die telkaart beduidende vordering gemaak is, kwalifiseer alle insette nog nie aangesien daar sekere drempels is wat eers bereik moet word voordat enige kwalifiserende punte behaal kan word.

Kaap Agri is reeds 'n vlak 8-bydraer op die SEB-telkaart en volgens voorlopige aanduidings behoort vlak 7 in die huidige jaar bereik te word, een jaar vroeër as genoemde padkaart. Met enkele versnelde aksies kan Kaap Agri reeds in die komende jaar na die volgende vlak vorder en die doelwitte is dienooreenkomstig aangepas. Kaap Agri glo dat vlak 5 (80%-erkenning) binne die volgende twee jaar moontlik is.

KAAP AGRI AKADEMIE

Kaap Agri het 'n akademie tot stand gebring waar opleiding verskaf word aan ontwikkelende boere sowel as plaasarbeiders. Die eerste twee groepe van 27 en 19 studente het reeds die Boerdery Ontwikkelingsprogram voltooi, terwyl korter opleidingsprogramme aan meer as 180 plaaswerkers aangebied is.

DIENSVERSKAFFER VIR MAFISA (MICRO AGRICULTURAL FINANCIAL INSTITUTION OF SA)

Kaap Agri is deur die Staat aangewys as 'n diensverskaffer vir die beskikbaarstelling van lenings aan opkomende boere vir produksiedoeleindes. Hierdie MAFISA-fondse word deur Kaap Agri bestuur onder die benaming KALF (Kaap Agri Leningsfonds). Aansoeke van kwalifiserende boere word saam met hulle oorweeg, geskaaf en agterna opgevolg om te verseker dat die regte praktyke en ondersteuning toegepas word.

PLAASWERKERSTRUST

Kaap Agri het gedurende 2009 'n lening van R2 miljoen aan The Fruit Workers Development Trust toegestaan om aangewend te word vir die trust se langtermyn beleggings-aktiwiteite. Die begunstigdes van die trust is persone uit die aangewese kategorie binne die industrie vir die produksie van vrugte.

SPESIALE TOEKENNINGS

Kaap Agri is onlangs deur die AgriSETA aangewys as die Nasionale Werkgewer van die Jaar ten opsigte van leerlingskappe. Tydens dieselfde geleentheid is die Kaap Agri Akademie se topstudent van 2009 deur die AgriSETA as Student van die Jaar aangewys.

GESONDHEID EN VEILIGHEID

Die bestuur van gesondheid en veiligheid ooreenkomstig die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid geskied by alle bedryfspunte as deel van die risikobestuursprogram. Die nakoming van die vereistes van die wetgewing word streng gemoniteer ten einde te verseker dat 'n veilige werksomgewing geskep en onderhou word.

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

Verskeie gemeenskapsprojekte, waaronder die De La Bat Skool vir Dowes, die Ligstraalskool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes, die Camphill organisasie vir persone met leergestremdhede en boerderyprojekte van voorheen benadeelde gemeenskappe word ondersteun deur finansiële bydraes, werkskepping en indirekte ondersteuning. Kaap Agri stel jaarliks 'n beursfonds aan die Universiteit van Stellenbosch en die Hoër Landbouskool Boland beskikbaar vir die studies van leerders van die aangewese kategorie. Kaap Agri is ook op baie ander terreine op primêre vlak betrokke by landbou en landbou-ondersteunende aktiwiteite en verenigings.

OMGEWING

Die Groep se voetspoor strek hoofsaaklik deur die platteland waar sy eie aktiwiteite en dié van sy klante ten nouste gekoppel is aan die natuur. Dit is daarom logies dat die Groep die natuur sal koester en sy sake so sal doen dat dit die minimum impak op die omgewing het. Die risikobestuursprogram is daarom nie net gesteld op die nakoming van regulatoriese vereistes nie, maar volg 'n "groen" benadering om 'n volhoubare omgewing te verseker.

Die Groep is ook bewus van sy impak op en verant-woordelikheid teenoor die omgewing waarbinne hy besigheid doen. Die vereistes van plaaslike owerhede word streng nagekom as deel van die risikobestuursprogram.

Die Groep is beide werkgewer en produk- en diensverskaffer, dikwels buite sy gewone besigheidslyne, aangesien hy soms die enigste verskaffer in 'n dorp is.

VOLHOUBAARHEID EN RISIKOBESTUUR

Kaap Agri se oorsprong was in 1912 toe die Westelike Graan Boeren Co-operatiewe Vereniging op die plaas De Grendel gestig is. Na 98 jaar bestaan beide Kaap Agri en De Grendel nog en is dit die voornemens van Kaap Agri om vir minstens die volgende 98 jaar nog te bestaan en te groei. Dit kan egter slegs bereik word deur in 'n volhoubare vennootskap met alle rolspelers, belanghebbers en die breë omgewing saam te werk. Hiertoe is Kaap Agri verbind.

KORPORATIEWE BESTUUR

Kaap Agri is 'n ongenoteerde publieke maatskappy wat besigheid doen uit bedryfspunte in die Wes-Kaap, Noord-Kaap, Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Namibië. Sy aandeelhouers bestaan uit genoteerde maatskappye, institusionele beleggers, verskeie kleiner privaatbeleggers en tradisionele landbouprodusente.

Kaap Agri is bewus van sy rol en verantwoordelikheid in die breë samelewing en onderskryf daarom die beginsels van goeie korporatiewe beheer en praktyke soos vervat in die relevante kodes en wetgewing. In die toepassing hiervan verbind die Direksie hom tot die beginsels van professionaliteit, dissipline, deursigtigheid, bemagtiging, billikheid, integriteit en verantwoording teenoor alle belanghebbers.

Die Direksie is van mening dat voldoening en nakoming eerder neerkom op 'n ingesteldheid teenoor korporatiewe verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid, as die afmerk van 'n kontrolelys. Die Direksie is van mening dat die Groep sover prakties moontlik voldoen aan die kodes en riglyne vir goeie korporatiewe praktyke. Die Direksie oorweeg ook deurgaans ander voorstelle, kodes en praktyke wat kan bydra tot verdere verbetering van korporatiewe gedrag.

DIREKSIE

Die Direksie is verantwoordelik vir die oorhoofse prestasie van die Groep. Die Direksie kom sy verantwoordelikheid na deur middel van strategiese leiding, aanstelling van bevoegde bestuur, gestruktureerde delegering van verantwoordelikhede, beoordeling van besigheidsplanne en begrotings, monitering van die uitvoering en resultate daarvan en toesig oor die risikobestuursprogram.

In die uitvoering van hierdie pligte gee die Direksie ook aandag aan die volhoubaarheid van die besigheid binne die raamwerk van die breër gemeenskap en die omgewing.

Die Direksie bestaan uit nege verkose nie-uitvoerende direkteure en drie uitvoerende direkteure wat deur die direksie aangestel is. Die dienstermyne van die uitvoerende direkteure is gekoppel aan hulle dienstermyne as werknemers terwyl die nie-uitvoerende direkteure op 'n driejaarlikse basis roteer. Geen direkteur of werknemer het 'n vastetermyn-ooreenkoms met die Groep nie.

Die nie-uitvoerende direkteure se vergoeding bestaan uit 'n vaste jaarlikse honorarium as direkteure, 'n addisionele vaste honorarium vir pligte met betrekking tot komitees en vergoeding vir reis- en ander koste. Uitvoerende direkteure se vergoeding bestaan uit werknemervergoeding en hulle ontvang geen spesifieke vergoeding vir hulle dienste as direkteure nie.

Die voorgestelde vergoeding vir nie-uitvoerende direkteure vir die komende jaar is soos volg:

Voorsitter	R312 716
Ondervoorsitter	R156 358
Voorsitter Ouditkomitee	R234 537
Voorsitter ander komitees	R156 358
Ouditkomiteelid	R156 358
Ander komiteelede	R117 269
Direkteur	R93 814

Die Voorsitter van die Raad is 'n nie-uitvoerende direkteur. In die nakoming van sy verantwoordelikhede vergader die direksie gereeld en maak ook gebruik van die komitees om hom te adviseer oor oudit-, menslikehulpbron-, finansierings- en beleggingsaangeleenthede. Die komitees funksioneer aan die hand van duidelik omskrewe mandate wat hulle pligte, bevoegdhede en verantwoordelikhede uiteensit.

Besonderhede van die direksielede en bywoning van direksie- en komiteevergaderings word verskaf op bladsy 16.

OUDITKOMITEE

Die Ouditkomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure van die Groep. Die komitee is verantwoordelik om toe te sien dat 'n behoorlike stelsel van interne beheer en risikobestuur bestaan en toegepas word, dat die bestuursinligting, rekeningkundige beleid en verslagdoening aan aandeelhouers en ander belanghebbers aan toepaslike standaarde voldoen en dat aan relevante wetgewing voldoen word. Die eksterne ouditeure en interne ouditeure het onbeperkte toegang tot die voorsitter van die komitee wat verseker dat hulle onafhanklikheid nie aangetas word nie.

Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Direksie, die Besturende Direkteur en die Finansiële Direkteur woon vergaderings by op uitnodiging en enige ander direkteur mag ook die vergaderings bywoon indien die direkteur dit sou versoek.

Die komitee vergader op 'n gereelde basis met interne en eksterne ouditeure, ook sonder die teenwoordigheid van bestuur en ander direkteure, en oorweeg hulle bevindings en aanbevelings, asook ander inligting wat relevant mag wees in die uitvoering van hulle mandaat of spesifieke take deur die Direksie aan hulle opgedra.

MENSLIKE HULPBRONNE KOMITEE

Die Menslike Hulpbronne komitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en die Besturende Direkteur. Die Voorsitter van die Direksie is die voorsitter van die Menslike Hulpbronne komitee. Die komitee vergader periodiek om aangeleenthede soos vergoedingsbeleid, vergoeding van uitvoerende bestuur, opvolgbeplanning, direkteursvergoeding,

aansporingskemas en ander menslikehulpbron-aangeleenthede te oorweeg. Die prestasiegekoppelde vergoedingsfilosofie van die Groep maak voorsiening vir aansporingskemas en word gereeld gemeet aan professionele eksterne vergoedingsopnames

NOMINASIEKOMITEE

Die Nominasiekomitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure. Die Nominasiekomitee beoordeel die effektiwiteit van optrede van die Direksie en sy komitees en neem ook 'n leidende rol in aanbevelings oor die samestelling van die Direksie ten einde die korrekte balans van kundigheid en verspreiding daar te stel.

FINANSIERINGSKOMITEE

Die Finansieringskomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure en die Finansiële Direkteur en word verder ondersteun deur streekkredietkomitees met plaaslike direksieverteenwoordiging, asook eksterne kundiges waar benodig, wat gereeld vergader.

Die komitee stel riglyne en beleid op vir die verlening van krediet en produksiefinansiering en moniteer die toepassing van hierdie riglyne en beleid aan die hand van duidelike besluitnemingsbevoegdhede. Die komitee is ook in die finale instansie verantwoordelik vir die beoordeling van die toesig oor die vorderbaarheid van en afskrywings en voorsienings teen debiteure.

INTERNE BEHEER

Ten einde verantwoordelikheid vir die korrektheid van die finansiële state te aanvaar, maak die direksie staat op stelsels van interne beheer en rekeningkundige en inligtingstelsels wat daarop gemik is om redelike versekering te bied dat bates veilig bewaar word en dat die risiko van foute, bedrog of verliese op 'n effektiewe wyse tot die minimum beperk word.

Hierdie beheermaatreëls, wat in skriftelike beleidsdokumente en prosedures vervat is, sluit in die delegering van verantwoordelikhede en bevoegdhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, doeltreffende rekeningkundige prosedures en skeiding van pligte en monitering deur 'n gekwalifiseerde interne oudit- en risikobestuursafdeling. Alle wesenlike risiko's in die Groep is geïdentifiseer en in 'n omvattende risikoraamwerk gedokumenteer.

Die Ouditkomitee moniteer die toepaslikheid en nakoming van die interne beheer en adviseer die Direksie in dié verband.

Niks het onder die Direksie se aandag gekom wat daarop dui dat daar 'n wesenlike verswakking in die funksionering van hierdie beheermaatreëls, prosedures en stelsels gedurende die finansiële jaar was nie.

RISIKOBESTUUR

Die Groep is betrokke by die verhandeling van graanprodukte, hoofsaaklik koring. Hierdie betrokkenheid hou verskeie risiko's in, waaronder leweringsrisiko, opbergingsrisiko en prysrisiko. Dit is die Groep se beleid om hierdie risiko's sover moontlik te verskans deur wettige kontrakte, goeie administrasie, versekering en prysverskansing.

Debiteure hou uit hulle aard en die omvang daarvan ook bepaalde risiko's in. Die Direksie maak gebruik van 'n spesialis Finansieringskomitee om toe te sien dat hierdie risiko's behoorlik bestuur word deur toepassing van 'n gestruktureerde kredietbeleid en verkryging van sekuriteite waar dit toepaslik geag word.

Die Finansiële Direkteur tree op as Nakomingsbeampte wat ten doel het om, saam met die onderliggende dissiplines en verantwoordelike persone in die Groep, toe te sien dat alle wette, regulasies en reëls wat van toepassing mag wees, geïdentifiseer en stiptelik nagekom word.

Gedurende die afgelope jaar is spesifieke aandag gegee aan nakoming van die Mededingingswet deur 'n omvattende regsoudit van alle kontrakte, ooreenkomste en gebruike wat van toepassing mag wees, asook wat in die verlede van krag sou wees. Personeel is en word deurlopend opgelei om bewus te wees van hierdie, asook ander toepaslike wetgewing.

Ander bedryfsrisko's word aangespreek deur toepaslike kontroles en prosedures en die nakoming daarvan word gemoniteer deur 'n interne oudit- en risikobestuurspan.

VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

Verskeie van die nie-uitvoerende direkteure is direk of indirek klante van die Groep en doen op 'n deurlopende basis besigheid met die Groep. Hierdie besigheid is in die gewone loop van sake en geskied op 'n armlengtebasis deur die gewone bedryfspunte. Geen direkteur se besigheid met die Groep oorskry 1% van die totale besigheid nie.

Sommige direkteure hou ook direk of indirek aandele in die maatskappy. Geen direkteur se aandeelhouding in die maatskappy oorskry 1% nie.

Direkteure se optrede met betrekking tot enige handelinge met die Groep word voorgeskryf in 'n ooreengekome geskrewe handves.

AANDELEVERHANDELING

Die Groep se aandele verhandel deur 'n interne toonbank deur die gebruikmaking van 'n stelsel wat van 'n erkende aandelemakelaar aangekoop is.

KORPORATIEWE BESTUUR (VERVOLG)

Verhandeling deur direkteure en geïdentifiseerde werknemers is onderworpe aan geskrewe beleid wat sekere geslote tydperke, asook spesifieke goedkeuring vir elke transaksie, voorskryf. Aanvullend tot die geskrewe beleid oorweeg die Raad gereeld of daar enige omstandighede of inligting is waaroor hulle beskik wat nie algemeen bekend is nie en wat moontlik 'n impak op die aandeelprys mag hê en wat dus verhandeling verbied.

GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die sekretaris is 'n integrale deel van die Groep se korporatiewe bestuursproses en sien toe dat die sake van die direktoraat en die Groep van maatskappye in ooreenstemming met die besigheidsetiek en tersaaklike wette en regulasies geadministreer word.

Die sekretaris gee leiding aan die Direksie insake die nakoming van hulle statutêre verantwoordelikhede en die direkteure het onbeperkte toegang tot die advies en dienste van die sekretaris in dié verband.

LOPENDE SAAK

Die finansiële jaarstate word opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die beleid word konsekwent toegepas.

Die Raad oorweeg hierdie finansiële state, sowel as die komende jaar se besigheidsplan, begrotings en die likiditeitsposisie ten einde sy mening te vorm oor die Groep se vermoë om as 'n lopende saak handel te dryf.

Die Raad se mening aangaande die toepaslikheid, geldigheid en openbaarmaking van die finansiële jaarstate en verduidelikings word uiteengesit in die Verklaring van direkteursverantwoordelikheid en goedkeuring.

BYWONING VAN DIREKSIE- EN KOMITEEVERGADERINGS	DIREKSIE		KOMITEE			
	Geskeduleer	Ongeskeduleer	Ouditkomitee	Menslike Hulpbronne komitee	Finansierings-komitee	Nominasie-komitee
Aantal vergaderings	4	1	4	2	4	1
GD (George) Eksteen *Voorsitter, Voorsitter MHB Komitee*	4	1		2		1
ASM (Mohammad) Karaan • *Ondervoorsitter*	2	1	2	1		
CA (Corwyn) Botha * *Besturende Direkteur*	4	1		2		
FA (Fran) du Plessis *Voorsitter Ouditkomitee*	3	1	4			
BS (Bernhardt) du Toit	3	1	4			
CJ (Chris) du Toit +	2			1		
IJ (Sakkie) Hugo +	2				1	
NC (Niko) Loubser	4	1			3	
HS (Stanley) Louw	4	1			4	
JJ (James) Matthee * *Finansiële Direkteur*	4	1			3	
CA (Chris) Otto •	4	1	4	2		
HM (Helgard) Smit	4	1			3	
JH (Kosie) van Niekerk • *Voorsitter Finansieringskomitee*	4	1	2	1	2	1
S (Sean) Walsh * *Bedryfsdirekteur*	4	1				

* *Uitvoerend*
• *Nie 'n lid van die komitee vir die volle jaar nie.*
\+ *Nie 'n lid van die Direksie vir die volle jaar nie.*
In alle gevalle van afwesigheid is vooraf verskoning gemaak.

AANDELESTATISTIEK

AANDEELHOUERSPROFIEL

Aandele	Getal aandeelhouers	Getal aandele	Persentasie
1 tot 10 000	2 336	8 331 168	3,4%
10 001 tot 100 000	1 370	42 396 664	17,2%
100 001 tot 1 000 000	236	52 535 042	21,3%
1 000 001 tot 10 000 000	8	36 987 098	15,0%
Bo 10 000 000	1	106 089 742	43,1%
	3 951	246 339 714	100,0%
Tesourie aandele	1	8 807 982	
Totaal	3 952	255 147 696	

Aandeleoordragte

Gemiddelde prys Oktober 2009	R7,24
Gemiddelde prys September 2010	R8,51
Geweegde gemiddelde prys – jaar	R7,76
Totale waarde oorgedra	R100 378 750
Aantal aandele oorgedra	12 935 665
Persentasie oorgedra	5,25%

Aandeelhouding van direkteure (direk en indirek)

	2010	2009
Botha CA	–	–
Du Plessis FA	–	–
Du Toit BS	131 651	131 651
Du Toit CJ (Uitgetree: 11 Februarie 2010)	–	229 574
Eksteen GD	1 757 000	1 707 000
Hugo IJ (Afgetree: 11 Februarie 2010)	–	425 728
Karaan ASM	–	–
Loubser NC	19 178	19 178
Louw HS	34 000	34 000
Matthee JJ	130 000	130 000
Otto CA	10 696	10 696
Smit HM	307 202	288 452
Van Niekerk JH	1 105 646	1 105 646
Walsh S	5 000	5 000
Totaal	3 500 373	4 086 925
Persentasie van uitgereikte aandele	1,4%	1,7%

VERKLARING VAN DIREKTEURS-VERANTWOORDELIKHEID EN GOEDKEURING

Die direkteure is verantwoordelik vir die redelike aanbieding van die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Kaap Agri Beperk. In die nakoming van hierdie verantwoordelikheid steun hulle op die inligting, beoordelings en ramings van bestuur. Die billike aanbieding en integriteit van die finansiële state word ook beoordeel aan die hand van rekeningkundige stelsels en interne finansiële beheermaatreëls wat ingestel is en wat deurlopend oor die finansiële tydperk gemoniteer word.

Die finansiële state is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en bied 'n redelike weergawe van die stand van die maatskappy en Groep soos op 30 September 2010, sowel as die resultaat van bedrywighede en kontantvloeie oor die rekenpligtige tydperk.

Op grond van die finansiële state, die huidige stand van die Groep, begrotings vir die komende jaar en beskikbare finansieringsbronne het die direkteure geen rede om te glo dat die maatskappy en Groep nie 'n lopende saak sal wees nie. Die lopende saak beginsel is dus aanvaar en toegepas in die opstelling van die finansiële state.

Die finansiële state is deur die onafhanklike ouditeursfirma, PricewaterhouseCoopers Ing, geouditeer. Die ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, notules van aandeelhouers-, direksie- en direksiekomiteevergaderings gehad. Die direkteure is van mening dat alle voorleggings en bestuursverklarings wat aan die ouditeure gerig was, korrek, geldig en toepaslik was.

Die ongekwalifiseerde verslag van die ouditeure verskyn op bladsy 20.

Die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate wat verskyn op bladsye 21 tot 63 is op 7 Desember 2010 deur die direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

GD Eksteen
Voorsitter

CA Botha
Besturende direkteur

VERKLARING VAN DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Maatskappysekretaris sertifiseer in terme van artikel 268G(d) van die Maatskappywet, soos gewysig, dat alle opgawes van die maatskappy en sy filiale, soos vereis deur genoemde Wet, ingedien is by die Maatskappye en Intellektuele Goedere Registrasie Kantoor (CIPRO) en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.

RH Köstens
Maatskappysekretaris
7 Desember 2010

VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

AAN DIE LEDE VAN KAAP AGRI BEPERK

SAMESTELLING EN BYWONING VAN VERGADERINGS

Die samestelling van die ouditkomitee en bywoning van vergaderings word uiteengesit op bladsye 4 en 16 van die jaarverslag.

SLEUTELFUNKSIES EN -VERANTWOORDELIKHEDE

Die ouditkomitee se verantwoordelikhede is uiteengesit in 'n formele handves wat jaarliks hersien word deur die Raad. Die komitee het vrylik toegang tot die voorsitter van die Direksie en is gemagtig om onafhanklike kundiges onbeperk op maatskappykoste te konsulteer. In die uitvoering van sy pligte binne sy mandaat en vereistes van die Maatskappywet, is die komitee verantwoordelik vir die bespreking en beoordeling van:

- die effektiwiteit van interne beheerstelsels en risikobestuur en kwaliteit van bestuursinligting;
- die interne ouditeure se ouditplan, verslae en aanbevelings;
- die eksterne ouditeure se onafhanklikheid, aanstellingsvoorwaardes, ouditplan en vergoeding;
- die effektiwiteit en verslae van die eksterne ouditeure;
- die Groep se nakoming van korporatiewe bestuursreëls, risikobestuur en statutêre vereistes;
- die toepaslikheid van rekeningkundige beleid en enige kwessies wat verband hou met die rekeningkundige verslagdoening;
- die afsonderlike en gekonsolideerde finansiële jaarstate, voordat dié finansiële jaarstate deur die direksie vir uitreiking gemagtig word; en
- enige ander voorgeskrewe funksies wat van die komitee verlang word.

INTERNE OUDIT

Die interne ouditfunksie vervul 'n belangrike rol om aan die ouditkomitee gerusstelling te gee dat voldoende beheermaatreëls in plek is en korrek funksioneer ten einde sy opinie oor sleutelfunksies en -verantwoordelikhede te kan vorm. Die interne ouditeure het daarom ook regstreekse toegang tot die voorsitter van die ouditkomitee en die ouditkomitee is ook verantwoordelik om toe te sien dat die interne ouditfunksie onafhanklik is en oor die nodige hulpbronne, status en gesag beskik om hulle pligte na te kom. Die interne en eksterne ouditeure woon alle ouditkomiteevergaderings by. Die komitee vergader ook gereeld gesamentlik en afsonderlik in komitee met die interne en eksterne ouditeure ten einde die geleentheid te skep om vertroulike inligting uit te ruil. Voorts hou die ouditkomitee toesig oor die samewerking tussen interne en eksterne ouditeure en dien as skakel tussen die direksie en hierdie funksies.

MENING

Gegewe die funksies en verantwoordelikhede van die komitee, asook die stappe waarna hierbo verwys word, is die ouditkomitee van mening dat:

- die Groep se interne beheermaatreëls en risikobestuur voldoende is;
- die oudit met die nodige onafhanklikheid en bekwaamheid uitgevoer is;
- die finansiële jaarstate ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) opgestel is en voldoen aan die standaarde; en
- daar geen ander aangeleenthede is wat aan aandeelhouers geopenbaar moet word wat nie in die finansiële jaarstate geopenbaar is nie.

FA du Plessis
Voorsitter: Ouditkomitee
7 Desember 2010

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

AAN DIE LEDE VAN KAAP AGRI BEPERK

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Kaap Agri Beperk geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die direkteursverslag, staat van finansiële posisie en gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 30 September 2010, die inkomstestaat en gekonsolideerde inkomstestaat, die staat van omvattende inkomste en die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste, die staat van veranderinge in ekwiteit en gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit, die staat van kontantvloeie en gekonsolideerde staat van kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide en ander verduidelikende aantekeninge, soos uiteengesit op bladsye 21 tot 63.

DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE FINANSIËLE STATE

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike aanbieding van hierdie finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleide, en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

MENING

Na ons mening is die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van die maatskappy en van die Groep soos op 30 September 2010, en van hulle finansiële prestasie en hulle kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.

PricewaterhouseCoopers Ing

PricewaterhouseCoopers Ing
Direkteur: DG Malan
Geregistreerde Ouditeur
Posbus 215
Paarl, 7620
7 Desember 2010

DIREKTEURSVERSLAG
VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

AARD VAN BEDRYWIGHEDE

Kaap Agri is 'n landboudienstegroep wat 'n verskeidenheid produkte en dienste aan hoofsaaklik die landbousektor, maar ook die algemene publiek, verskaf en is ook die grootste aandeelhouer in Pioneer Voedsel Groep Beperk, 'n maatskappy wat betrokke is in die vervaardiging van voedsel, koeldrank- en verwante produkte vir mense sowel as voere vir diere. Die verskillende bedryfsaktiwiteite word verder toegelig in die Voorsitters- en Finansiële oorsig op bladsye 6 tot 11.

FINANSIËLE RESULTATE

Die wins na belasting van die Groep beloop R146,4 miljoen (2009: R274,2 miljoen) terwyl die bruto bates toegeneem het tot R3 017 miljoen (2009: R2 916 miljoen). Die resultate van die Groep word volledig weergegee in die finansiële state en verdere toeligting word verskaf in die Voorsitters- en Finansiële oorsig op bladsye 6 tot 11.

AANDELEKAPITAAL

Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 400 000 000 gewone aandele van R0,01 elk waarvan tans 255 147 696 uitgereik is.

DIVIDENDE

'n Finale dividend van R54,2 miljoen (2009: R54,2 miljoen) is goedgekeur, wat neerkom op 22 sent (2009: 22 sent) per aandeel. Die dividend is betaalbaar op 11 Februarie 2011 aan aandeelhouers wat op 28 Januarie 2011 (die rekorddatum) geregistreerde aandeelhouers van die maatskappy is. Die laaste verhandeling cum dividend sal 21 Januarie 2011 wees.

Die totale dividend vir die jaar beloop R59,1 miljoen (2009: R73,9 miljoen), wat neerkom op 24 sent (2009: 30 sent) per aandeel.

FILIALE

Die belange in filiale word uiteengesit op bladsy 60 van die finansiële state. Die belang van die houermaatskappy in die winste en verliese van filiale na belasting is soos volg:

	2010	2009
	R'000	R'000
Winste	**84 088**	99 823
Verliese	**(3 843)**	(1 468)

DIREKTEURE

Volledige besonderhede van die Direksie verskyn op bladsy 4.

Die termyn van mnre BS du Toit, NC Loubser en HS Louw verstryk op die datum van die Algemene Jaarvergadering. Besonderhede oor die verkiesing van direkteure verskyn in die Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering op bladsy 65.

BELANG VAN DIREKTEURE

Die belang van direkteure in aandele van die maatskappy verskyn op bladsy 17.

GEBEURTENISSE NA VERSLAGDOENINGSDATUM

Die direkteure is nie bewus van enige aangeleentheid of omstandighede wat tussen die einde van die finansiële jaar en die datum waarop die finansiële state goedgekeur is ontstaan het waarmee nie in die verslag of groep finansiële state gehandel is nie en wat die bedrywighede van die Groep of die resultate van daardie bedrywighede wesenlik kan beïnvloed nie.

REKENINGKUNDIGE BELEID BY DIE FINANSIËLE STATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

1.1 Basis van opstelling

Die finansiële state is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS). Die finansiële state is opgestel volgens die historiese koste-grondslag, met die uitsondering van Beskikbaar-vir-verkoop beleggings wat herwaardeer word na billike waarde.

Die voorbereiding van finansiële state in ooreenstemming met IFRS vereis die gebruik van sekere kritiese rekeningkundige ramings. Dit vereis ook die gebruik van oordeel deur bestuur in die toepassing van die Groep se rekeningkundige beleide. Die areas wat meer kompleks is of 'n hoër vlak van oordeel vereis, of areas waar die aannames en beramings wesenlik is tot die finansiële state, word in die aantekeninge by die finansiële jaarstate geopenbaar.

1.2 Standpunte, interpretasies en wysigings aan gepubliseerde standpunte wat gedurende die huidige finansiële jaar vir die eerste keer effektief geword het

- IAS 1 (Hersien) – "Aanbieding van Finansiële State" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- IAS 23 (Hersien) – "Leenkoste" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- IAS 27 (Hersien) – "Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële state" (effektief vanaf 1 Julie 2009)
- IAS 32 (Wysiging) – "Finansiële Instrumente: Openbaarmakings" en IAS 1 (Wysiging) – "Aanbieding van Finansiële State – Verkoopbare Finansiële Instrumente en Verpligtinge wat ontstaan tydens Likwidasie" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- IAS 39 (Wysiging) – "Finansiële Instrumente: Erkenning en meting – Blootstellings wat kwalifiseer vir verskansingsrekeningkunde" (effektief vanaf 1 Julie 2009)
- IFRS 1 (Wysiging) – "Aanvanklike aanvaarding van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde" en IAS 27 (Wysiging) "Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële state – Koste van en Belegging in 'n Filiaal, Geassosieerde of Gesamentlike Beheerde Entiteit" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- IFRS 1 (Wysiging) – "Aanvanklike aanvaarding van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde" (effektief vanaf 1 Julie 2009)
- IFRS 2 (Wysiging) – "Aandeelgebaseerde Betalings – Vestigingsvoorwaardes en Kansellerings" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- IFRS 3 (Hersien) – "Besigheidsamevoegings" (effektief vanaf 1 Julie 2009)
- IFRS 7 – "Verbeterde openbaarmaking van finansiële instrumente" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- IFRS 8 – "Bedryfsegmente" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- Verbeteringe aan verskeie IFRS standpunte (uitgereik Mei 2008) (effektief vanaf 1 Januarie 2009 en 1 Julie 2009)
- Verbeteringe aan verskeie IFRS standpunte (uitgereik April 2009) (effektief vanaf 1 Julie 2009)
- IFRIC 15 – "Ooreenkomste vir die konstruksie van eiendom" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- IFRIC 17 – "Uitkering van nie-kontant bates aan eienaars" (effektief vanaf 1 Julie 2009)
- IFRIC 18 – "Oordragte van bates vanaf klante" (effektief vanaf 1 Julie 2009)
- AC 503 (Hersien) – "Verantwoording van Swart Ekonomiese Bemagtigingstransaksies" (effektief vanaf 1 Januarie 2009)
- AC 504 – "IAS 19 – Die Beperking op vastevoordeelbates, Minimum Befondsingsvereistes en hul Interaksie in die Suid-Afrikaanse pensioenfondsomgewing" (effektief vanaf 1 April 2009)

Geen van bogenoemde nuwe standpunte, wysigings en interpretasies van bestaande standpunte wat gepubliseer is, het enige wesenlike uitwerking op die finansiële state van die Groep nie.

1.3 Standpunte, interpretasies en wysigings aan gepubliseerde standpunte wat nog nie effektief is nie

Sekere nuwe standpunte, wysigings en interpretasies van bestaande standpunte is gepubliseer en is verpligtend vir die Groep se rekeningkundige periodes wat begin op of na 1 Oktober 2010, of vir latere periodes, maar word nie vrywillig toegepas voor die verpligte periodes nie:

- IAS 24 (Wysiging) – "Verwante party openbaarmaking" (effektief vanaf 1 Januarie 2011)
- IAS 32 (Wysiging) – "Klassifikasie van regte-uitgifte" (effektief vanaf 1 Februarie 2010)
- IFRS 1 en IFRS 7 (Wysigings) – "Beperkte vrystelling van vergelykende IFRS 7 openbaarmaking vir eerste keer toepassers" (effektief vanaf 1 Julie 2010)

- IFRS 1 (Wysiging) – "Aanvanklike aanvaarding van finansiële instrument openbaarmaking" (effektief vanaf 1 Januarie 2010)
- IFRS 2 (Wysiging) – "Aandeelgebaseerde Betalings – Groep kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksies" (effektief vanaf 1 Januarie 2010)
- IFRS 9 – "Finansiële instrumente" (effektief vanaf 1 Januarie 2013)
- Verbeteringe aan verskeie IFRS standpunte (uitgereik April 2009) (effektief vanaf 1 Januarie 2010)
- Verbeteringe aan verskeie IFRS standpunte (uitgereik Mei 2010) (effektief vanaf 1 Julie 2010 en 1 Januarie 2011)
- IFRIC 14 – "Vooruitbetalings van 'n minimum befondsingsvoorwaarde" (effektief vanaf 1 Januarie 2011)
- IFRIC 19 – "Uitwissing van finansiële laste met ekwiteitsinstrumente" (effektief vanaf 1 Julie 2010)

Bestuur is besig om die impak van hierdie wysigings aan standaarde en interpretasies op die Groep se gerapporteerde resultate of finansiële posisie te oorweeg. Bestuur se aanvanklike beoordeling is dat die wysigings nie 'n wesenlike uitwerking op die Groep se gerapporteerde resultate of finansiële posisie sal hê nie.

1.4 Konsolidasiegrondslag

Filiale

Filiale is alle entiteite (insluitende spesiale doel entiteite) waaroor die Groep die mag het om die finansiële en bedryfsbeleid te beheer wat normaalweg gepaardgaan met 'n aandeelhouding van meer as die helfte van die stemreg. Die bestaan en effek van potensiële stemregte wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, word oorweeg wanneer bepaal word of die Groep beheer uitoefen oor 'n entiteit. Filiale word gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer na die Groep oorgedra word en word nie meer gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer ophou nie. Die aankoopmetode van rekeningkunde word gebruik om die verkryging van filiale te verantwoord.

Intermaatskappytransaksies, saldo's en ongerealiseerde winste op transaksies tussen groepmaatskappye word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel, maar word beskou as aanduider van waardedaling van die bate wat oorgedra is. Indien nodig, is die rekeningkundige beleid van filiale verander om in ooreenstemming te wees met die beleid wat deur die Groep aanvaar is.

Nie-beherende belange in die netto bates van gekonsolideerde filiale word afsonderlik van die Groep se belang daarin geïdentifiseer en word in ekwiteit erken. Verliese van filiale toeskryfbaar aan nie-beherende belange word aan die nie-beherende belang toegeken selfs al het dit tot gevolg dat 'n debietsaldo vir die nie-beherende belang erken word.

Transaksies wat veranderings in eienaarskap tot gevolg het waar die Groep beheer van die filiaal het, voor en na die transaksie, word as 'n ekwiteitstransaksie beskou en word regstreeks in die staat van veranderinge in ekwiteit erken.

Die verskil tussen die billike waarde van die teenprestasie betaal of ontvang en die beweging in die nie-beherende belang vir die transaksie, word in ekwiteit toeskryfbaar aan die eienaars van die houermaatskappy erken.

Waar 'n filiaal verkoop word en 'n nie-beherende belang behou word, word die oorblywende belegging teen billike waarde erken en die aanpassing van billike waarde word met die verkoop as deel van die wins of verlies met die verkoop van 'n belegging in wins of verlies erken.

In die enkel finansiële state van die maatskappye wat deel vorm van die Groep, word die beleggings in filiaalmaatskappye gedra teen kosprys minus opgelope waardedalings.

Buitelandse filiale

Die resultate en finansiële posisie van al die Groepentiteite (waarvan geen entiteit die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie het nie) wat 'n funksionele geldeenheid het wat verskil van die aanbiedingsgeldeenheid, word soos volg na die Groep se aanbiedingsgeldeenheid omgereken:

- alle staat van finansiële posisie-items (bates en laste) word omgereken teen die heersende sigkoers wat op die spesifieke verslagdoeningsdatum geld;

REKENINGKUNDIGE BELEID BY DIE FINANSIËLE STATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

- alle inkomstestaatitems (inkomstes en uitgawes) word omgereken teen die gemiddelde wisselkoers (behalwe as die gemiddelde wisselkoers nie 'n redelike weergawe is van die kumulatiewe effek van die wisselkoerse wat heers op die transaksiedatums nie, in welke geval inkomstes en uitgawes omgereken word teen die heersende sigkoers wat op die transaksiedatums geld); en
- alle buitelandse valutaverskille word erken as 'n aparte komponent van ander omvattende inkomste.

Besigheidsamevoegings

Die koste van 'n verkryging word gemeet as die billike waarde van die bates wat opgegee word, ekwiteitsinstrumente wat uitgereik word of laste wat op die datum van verkryging oorgeneem word. Koste direk toeskryfbaar aan besigheidsamevoegings word as 'n uitgawe erken.

Voorwaardelike teenprestasies word ingesluit by die koste van die samevoeging teen billike waarde op die verkrygingsdatum. Daaropvolgende veranderings van die bates, laste of ekwiteit wat ontstaan as gevolg van voorwaardelike teenprestasie word nie teen klandisiewaarde verantwoord nie, mits daar geldige metingstydperkaanpassings is.

Die verkryger se identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikhede wat aan die erkenningsvoorwaardes van IFRS 3: Besigheidsamevoegings voldoen, word teen hul billike waardes op die verkrygingsdatum erken, buiten vir nie-bedryfsbates (of verkoopsmaatskappye) geklassifiseer as gehou-vir-verkoop ooreenkomstig IFRS 5: Nie-bedryfsbates gehou-vir-verkoop en beëindigde bedrywighede, wat teen billike waarde minus koste van verkope erken word.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word ingesluit by die identifiseerbare bates en laste van die verkrygde indien daar op die verkrygingsdatum 'n huidige verpligting is.

Met verkryging evalueer die maatskappy die klassifikasie van die verkrygde se bates en laste en herklassifiseer dit wanneer die klassifikasie vir die maatskappy se doeleindes ontoepaslik is. Dit sluit uit huurooreenkomste en versekeringskontrakte waarvan die klassifikasie dieselfde bly as op die aanvangsdatum daarvan.

Nie-beherende belange voortspruitend uit 'n besigheidsamevoeging word bereken teen hul proporsionele gedeelte van die billike waarde van die bates en laste van die verkryging of teen billike waarde daarvan. Die hantering is nie 'n rekeningkundige beleidskeuse nie, maar word vir elke individuele besigheidsamevoeging gekies en in die aantekening oor besigheidsamevoegings bekend gemaak.

In gevalle waar die Groep 'n nie-beherende belang gehad het in die verkrygde voordat beheer verkry is, word daardie belang teen billike waarde op die verkrygingsdatum hermeet. Die hermeting teen billike waarde word by wins of verlies vir die jaar ingesluit. Waar die bestaande belang as 'n beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate geklassifiseer is, word die kumulatiewe billikewaarde-aanpassing wat voorheen erken en in ekwiteit opgehoop is, as 'n herklassifikasie aanpassing na wins of verlies gemaak.

Transaksies onder gemeenskaplike beheer

'n Besigheidsamevoeging van entiteite of besighede onder gemeenskaplike beheer is 'n besigheidsamevoeging waar al die entiteite of besighede wat gekombineer word uiteindelik beheer word deur dieselfde party of partye beide voor en na die besigheidsamevoeging en waar daardie beheer nie tydelik van aard is nie.

Tydens 'n transaksie onder gemeenskaplike beheer word die resultate van bedrywighede vir die periode aangebied asof die verkryging van die beherende belang onder gemeenskaplike beheer plaasgevind het in die vroegste verslagdoeningsperiode. Die uitwerking van intermaatskappytransaksies word geëlimineer in die vasstelling van die resultate van bedrywighede vir die periode vóór die verkryging van die beherende belang. Dit beteken dat die resultate in wese op dieselfde grondslag aangebied word as die resultate van bedrywighede vir die periode ná die verkryging van die beherende belang. Soortgelyk is die gekonsolideerde staat van finansiële posisie en verbandhoudende aantekeninge aangebied asof die bates en laste van die gekombineerde entiteite oorgedra is in die vroegste verslagdoeningsperiode.

Tydens 'n transaksie onder gemeenskaplike beheer word die verskil tussen die aankoopprys en die netto batewaarde van die verkrygde direk erken in ekwiteit.

Geassosieerde maatskappye
Geassosieerdes is entiteite waaroor die Groep oor die algemeen tussen 20% en 50% van die stemreg het, of waaroor die Groep beduidende invloed uitoefen, maar wat die Groep nie beheer nie. Beleggings in geassosieerdes word verantwoord deur gebruik te maak van die ekwiteitsmetode en word aanvanklik teen kosprys erken. Die Groep se beleggings in geassosieerdes sluit klandisiewaarde, na aftrekking van opgelope waardedaling, by verkryging in.

Die Groep se deel van geassosieerdes se na-verkrygingswinste of -verliese word in die inkomstestaat erken, en die Groep se deel van bewegings in na-verkrygingsreserwes word in ander omvattende inkomste erken. Die kumulatiewe na-verkrygingsbewegings word teen die koste van die beleggings aangepas. Wanneer die Groep se deel van die verliese in 'n geassosieerde gelyk is aan sy belang in die geassosieerde of dit oorskry, erken die Groep nie verdere verliese nie, tensy die Groep namens die geassosieerde verpligtinge aangegaan het, waarborge uitgereik het of betalings gemaak het.

Die effek van verwaterende en antiverwaterende ekwiteitstransaksies deur geassosieerdes word direk in wins of verlies erken.

Ongerealiseerde winste op transaksies tussen die Groep en sy geassosieerdes word uitgeskakel op grond van die Groep se belang in die geassosieerdes. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel, tensy die transaksie bewys lewer van 'n waardedaling van die bates wat oorgedra is. Die rekeningkundige beleide van geassosieerdes is, waar nodig, aangepas ten einde konsekwentheid met die rekeningkundige beleide deur die Groep aangeneem, te verseker.

Die verkryging van geassosieerdes in verskillende stadiums word verantwoord ingevolge IFRS 3: Besigheidsamevoegings. Klandisiewaarde word bereken tydens elke stadium van verkryging as die verskil tussen die koopprys en die billike waarde van die belang in die geassosieerde se netto bates. Bestaande billike waarde reserwes word onterken (in ekwiteit) en die belegging word herstateer na kosprys. 'n Aanpassing word gedoen in behoue wins vir die verskil tussen die belang in die geassosieerde se netto bates en billike waarde.

In die enkel finansiële state van die maatskappye wat deel vorm van die Groep, word die beleggings in geassosieerde maatskappye gedra teen billike waarde.

Beleggings in geassosieerde maatskappye word geëvalueer vir waardedaling wanneer gebeure of veranderinge in omstandighede daarop dui dat die drabedrag nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die bate se drabedrag die verhaalbare bedrag oorskry. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van die bate se billike waarde min verkoopskostes, en gebruikswaarde.

Klandisiewaarde
Klandisiewaarde word bereken as die billike waarde van die teenprestasie betaal, plus die billike waarde van enige belang gehou voor die verkryging van beheer, plus nie-beherende belang en minus die billike waarde van die identifiseerbare bates en laste van die verkrygde.

Klandisiewaarde met die verkryging van filiale word ingesluit by Ontasbare bates. Klandisiewaarde met die verkryging van 'n belang in 'n geassosieerde word ingesluit by Belegging in geassosieerde maatskappye. Klandisiewaarde afsonderlik erken, word jaarliks vir waardedaling beoordeel en word gemeet teen die kosprys minus opgelope waardedalingsverliese. Waardedalingsverliese op klandisiewaarde word nie omgekeer nie. Winste en verliese uit die verkoop van 'n entiteit sluit in die drabedrag van klandisiewaarde wat verband hou met die entiteit wat verkoop word.

Klandisiewaarde word toegewys aan kontantgenererende eenhede vir waardedalingstoetsing. Die toewysing word gemaak na daardie eenhede of groepe kontantgenererende eenhede wat na verwagting sal voordeel trek uit die besigheidsamevoeging waaruit die klandisiewaarde ontstaan. Die Groep allokeer klandisiewaarde gebaseer op die bedryfsegmente waarin dit aktief is.

REKENINGKUNDIGE BELEID BY DIE FINANSIËLE STATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

1.5 Segmentverslagdoening

Bedryfsegmente word gerapporteer op 'n wyse wat konsekwent is met die interne verslagdoening aan die hoofbedryfsbesluitnemer. Die hoofbedryfsbesluitnemer, wat verantwoordelik is vir die beoordeling van komponente se prestasie asook die toedeling van hulpbronne aan komponente, is geïdentifiseer as die besturende direkteur.

1.6 Eiendom, aanleg en toerusting

Grond en geboue bestaan hoofsaaklik uit handelstakke, kantore en silo's. Grond en geboue is gedurende 2006 herwaardeer na billike waarde toe die Groep die billike waarde as geagte koste-vrystelling, in terme van IFRS 1: Aanvanklike aanvaarding van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde gekies en toegepas het. Eiendom, aanleg en toerusting insluitende beleggingseiendom, word getoon teen historiese kosprys minus opgehoopte waardevermindering. Historiese koste sluit in alle kostes wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging van die bates. Koste kan ook insluit oordragte vanaf ekwiteit van enige winste/verliese op kwalifiserende kontantvloeiskanse ten opsigte van buitelandse aankope van eiendom, aanleg en toerusting.

Latere kostes word ingesluit in die drabedrag van die bate of word getoon as 'n afsonderlike bate, soos toepaslik, slegs indien die bate toekomstige ekonomiese voordele vir die Groep inhou en indien die koste van die bate betroubaar beraam kan word. Alle ander herstelwerk en onderhoud word as uitgawes in die inkomstestaat erken gedurende die periode waarin dit aangegaan word.

Grond word nie gedepresieer nie. Waardevermindering op ander bates word bepaal deur gebruik te maak van die reguitlynmetode om die koste of herwaardeerde waarde van die bates af te skryf tot 'n waarde gelykstaande aan hul reswaarde oor die nuttige lewensduur van die bates, soos volg:

Geboue	50 jaar
Graansilo's en geboue	10 – 50 jaar
Masjinerie en toerusting	5 – 10 jaar
Voertuie	4 – 5 jaar
Kantoormeubels en -toerusting	5 – 10 jaar
Verbeterings aan huureiendom	Tydperk van huurooreenkoms

Die reswaardes en nuttige lewensduur van bates word oorweeg en aangepas indien nodig, op elke verslagdoeningsdatum. Indien die drabedrag van 'n bate groter as die geraamde verhaalbare bedrag daarvan is, word dit onmiddellik tot die verhaalbare bedrag daarvan afgeskryf.

Winste en verliese met verkoop van vaste bates word bepaal deur die opbrengste met die drabedrae te vergelyk en word in die inkomstestaat erken.

1.7 Bruikhuurbates

Bruikhure word op die aanvangsdatum van die huur gekapitaliseer teen die laagste van die billike waarde van die gehuurde eiendom en die billike waarde van die minimum huurbetalings. Elke huurpaaiement word geallokeer tussen die verpligting en finansieringskoste, ten einde 'n konstante koers te verkry op die uitstaande balans. Die ooreenstemmende huurverpligtinge, netto van finansieringskoste, word ingesluit in langtermynlaste. Die rente uitgawe word in die inkomstestaat erken oor die huurtermyn ten einde 'n konstante periodieke rentekoers op die uitstaande balans van die verpligting te verseker vir elke finansiële periode.

Waardevermindering word erken op die eiendom, aanleg en toerusting wat verkry word ingevolge die bruikhuur oor die kortste van die nuttige lewensduur van die bate of die huurtermyn.

1.8 Waardedaling van nie-finansiële bates

Bates wat wel geamortiseer word, word geëvalueer vir waardedaling wanneer gebeure of veranderinge in omstandighede daarop dui dat die drabedrag nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die bate se drabedrag die verhaalbare bedrag oorskry. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van die bate se billike waarde min verkoopskostes, en gebruikswaarde. Vir doeleindes van die beoordeling van bates vir waardedaling, word bates gegroepeer volgens die kleinste besigheidseenhede waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloeie bestaan (kontant-genererende eenhede). Nie-finansiële bates anders as klandisiewaarde, waarop 'n waardedaling reeds afgeskryf is, word beoordeel vir moontlike terugskrywing van die waardedalingsverlies op elke verslagdoeningsdatum.

1.9 Finansiële bates

Die Groep klassifiseer finansiële bates in die volgende kategorieë: teen billike waarde deur wins en verlies, lenings en debiteure en beskikbaar-vir-verkoop beleggings. Bestuur bepaal die klassifikasie van beleggings wanneer dit verkry word, gebaseer op die doel waarvoor dit verkry is. Bestuur bepaal die klassifikasie tydens aanvanklike erkennng.

Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies

Hierdie kategorie word in twee subkategorieë verdeel: Finansiële bates gehou vir verhandeling en daardie wat by aanvanklike erkenning geklassifiseer word as finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies. 'n Finansiële bate word in hierdie kategorie geklassifiseer indien dit verkry is hoofsaaklik vir die doel om op die korttermyn te verkoop of indien so deur bestuur geklassifiseer. Afgeleide instrumente word ook geklassifiseer as gehou vir verhandeling, tensy hulle toegewys is as verskansingsinstrumente. Bates in hierdie kategorie word geklassifiseer as bedryfsbates.

Lenings en debiteure

Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare paaiemente wat nie 'n gekwoteerde aktiewe markprys het nie. Dit word ingesluit as deel van bedryfsbates, uitgesluit die gedeelte ontvangbaar meer as 12 maande na verslagdoeningsdatum. Hierdie gedeelte word geklassifiseer as nie-bedryfsbates. Lenings en debiteure word geklassifiseer as handels- en ander debiteure sowel as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële posisie.

Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates

Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates is nie-afgeleide finansiële bates wat óf voldoen aan die vereiste van hierdie kategorie óf toegewys is in hierdie kategorie of nie in enige ander kategorie geklassifiseer kan word nie. Dit word by nie-bedryfsbates ingesluit, tensy bestuur die uitdruklike voorneme het om die belegging vir minder as 12 maande na die verslagdoeningsdatum te hou.

Gereelde aankoop en verkoop van beleggings word op die verhandelingsdatum erken, wat die datum is waarop die Groep hom daartoe verbind om die bate aan te koop of te verkoop. Beleggings word aanvanklik erken teen billike waarde met inagneming van transaksiekostes vir alle finansiële bates wat nie gehou word teen billike waarde deur wins of verlies nie. Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies word aanvanklik erken teen billike waarde en transaksiekostes word erken as 'n uitgawe in die inkomstestaat. Bates word onterken wanneer die regte om kontantvloei vanuit die belegging te ontvang verval of oorgedra word en die Groep alle wesenlike risiko's en vergoeding van eienaarskap oorgedra het. Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates en finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies word na aanvanklike erkenning teen billike waarde getoon. Die billike waarde aanpassings ten opsigte van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates word direk in ander omvattende inkomste erken.

Lenings en debiteure word getoon teen geamortiseerde koste deur die gebruikmaking van die effektiewe rentekoersmetode.

Winste en verliese wat voortspruit uit die veranderinge in billike waarde van die finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies, ingesluit rente en dividende ontvang, word ingesluit in die inkomstestaat in die periode waarin dit ontstaan.

REKENINGKUNDIGE BELEID BY DIE FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

Wanneer beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates verkoop word of 'n waardedaling ondergaan, word die opgehoopte billike waarde aanpassing in ander omvattende inkomste, ingesluit in die inkomstestaat as winste of verliese uit beleggings. Rente op beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates word bereken deur die effektiewe rentekoersmetode te gebruik en word in die inkomstestaat erken. Dividende ontvang uit beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates word erken in die inkomstestaat wanneer die Groep se reg om betalings te ontvang gevestig is.

Die billike waardes van genoteerde beleggings word gegrond op huidige verhandelingswaardes. Indien daar nie 'n aktiewe mark vir 'n bepaalde finansiële bate bestaan nie, ingesluit ongenoteerde sekuriteite, bepaal die Groep die billike waarde deur gebruikmaking van waardasietegnieke. Die waardasietegnieke sluit in die gebruik van onlangse armlengte transaksies, verwysing na soortgelyke instrumente, verdiskonteerde kontantvloei analise en opsie-prys modelle waar gebruik gemaak word van markinsette en waar die minimum moontlike steun geplaas word op entiteit-spesifieke insette.

'n Finansiële bate, asook 'n groep van finansiële bates, word op elke verslagdoeningsdatum beoordeel vir waardedaling. In die geval van ekwiteitsinstrumente wat geklassifiseer word as beskikbaar-vir-verkoop, word 'n wesenlike of langdurige daling in billike waarde tot benede die kosprys van die instrumente beskou as aanduiding van 'n waardedaling. Indien daar enige bewyse bestaan van waardedaling by beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates, word die kumulatiewe verlies, gemeet as die verskil tussen die aankoopkoste en die huidige billike waarde minus enige waardedalingsverlies reeds erken in wins en verlies, oorgedra vanaf ekwiteit na die inkomstestaat. Waardedalingsverliese wat erken is in die inkomstestaat op ekwiteits-instrumente word nie teruggeskryf deur die inkomstestaat nie.

1.10 Uitgestelde belasting

Uitgestelde belasting word voorsien volgens die aanspreeklikheidsmetode vir alle tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasis van bates en laste en hulle drawaardes. Uitgestelde belasting word egter nie erken indien dit ontstaan uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie anders as 'n besigheidsamevoeging, wat op die tydstip van die transaksie nie rekeningkundige óf belasbare wins of verlies beïnvloed nie. Uitgestelde belasting word bereken deur die gebruikmaking van huidig aangekondigde belastingkoerse en -wetgewing op die verslagdoeningsdatum wat verwag word om van toepassing te wees wanneer die betrokke uitgestelde belastingbate realiseer of die uitgestelde belastinglas vereffen word.

Uitgestelde belastingbates ten opsigte van onbenutte belastingverliese word erken slegs in die mate wat dit waarskynlik is dat daar genoegsame toekomstige belasbare inkomste sal wees waarteen die onbenutte belastingverliese aangewend kan word.

Uitgestelde belastingbates ten opsigte van onbenutte SBM krediete word erken in die mate wat dit waarskynlik is dat dividende verklaar sal word waarteen die onbenutte SBM krediete aangewend kan word.

Uitgestelde belasting word voorsien op tydelike verskille voortspruitend uit beleggings in filiale en geassosieerdes, behalwe indien die tydsberekening van die omkeer van die tydelike verskil beheer word deur die Groep en dit waarskynlik is dat die tydelike verskil nie sal omkeer in die afsienbare toekoms nie.

1.11 Voorraad

Werkswinkelvoorraad, handelsvoorraad, boerderybenodigdhede en grondstowwe word waardeer teen die laagste van kosprys, bereken op die gemiddeldekoste-basis, of netto realiseerbare waarde, met inagneming van veroudering en verkoopbaarheid. Implementevoorraad word waardeer teen die spesifieke kosprys of netto realiseerbare waarde, welke ook al die laagste is. Klaarprodukte word gewaardeer teen die laagste van kosprys, insluitende grondstof- en direkte koste en verwante produksiebokoste, uitgesluit finansieringskoste, op die gemiddeldekoste-basis, of netto realiseerbare waarde. Netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopprys in die gewone loop van sake minus die koste van voltooiing en verkoopskoste.

1.12 Handelsrekeninge ontvangbaar

Handelsdebiteure word aanvanklik getoon teen billike waarde en daarna teen geamortiseerde koste deur gebruikmaking van die effektiewe rentekoersmetode, na aftrekking van waardedaling van debiteure. Voorsiening word gemaak vir waardedaling van debiteure indien daar objektiewe bewyse bestaan dat die volle uitstaande skulde nie verhaalbaar is ooreenkomstig die oorspronklike kredietterme nie. Wesenlike finansiële probleme by debiteure, waarskynlikheid dat 'n debiteur gelikwideer gaan word of finansiële herstrukturering, en agterstallige betalings word beskou as aanduiders van waardedaling in debiteure. Die bedrag van die voorsiening vir waardedaling is die verskil tussen die bate se drabedrag en die huidige waarde van beraamde toekomstige kontantvloeie, verdiskonteer teen die effektiewe rentekoers. Die waardedaling word in die inkomstestaat erken.

Handelsdebiteure waarteen daar 'n voorsiening geskep is vir waardedaling word werklik afgeskryf sodra geen verdere verhalings moontlik is nie. Handelsdebiteure waarteen daar nie voorheen 'n voorsiening vir waardedaling geskep is nie, word direk in die inkomstestaat afgeskryf sodra daar geen verdere verhaling is nie.

1.13 Kontant en kontantekwivalente

Vir die doeleindes van die staat van kontantvloeie, sluit kontant die kontant voorhande en banksaldo's in. Oortrokke banksaldo's word ingesluit by lenings onder bedryfslaste in die staat van finansiële posisie.

1.14 Lenings aangegaan

Lenings word aanvanklik erken teen billike waarde, netto van enige transaksiekostes aangegaan. Lenings word na aanvanklike erkenning teen geamortiseerde koste getoon. Enige verskil tussen die opbrengs (netto van transaksiekoste) en die afloswaarde word erken in die inkomstestaat oor die periode van die lening deur gebruikmaking van die effektiewe rentekoersmetode.

Lenings word geklassifiseer as bedryfslaste tensy die Groep 'n onvoorwaardelike reg het om betaling uit te stel vir minstens 12 maande na verslagdoeningsdatum.

1.15 Handelskrediteure

Handelskrediteure word aanvanklik erken teen billike waarde. Handelskrediteure word na aanvanklike erkenning teen geamortiseerde koste getoon deur gebruikmaking van die effektiewe rentekoersmetode.

1.16 Werknemersvoordele

Pensioenskema-reëlings

Die Groep bedryf 'n pensioenfonds wat bestaan uit 'n vastebydraeplan geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956, en die bates word apart deur trustees geadministreer. Befondsing geskied ingevolge diensvoorwaardes deur middel van bydraes deur die deelnemende filiale in die Groep asook personeel. Die Groep het geen verdere verpligting teenoor die fonds nadat die bydraes betaal is nie. Bydraes word in die inkomstestaat erken in die periode waarin dit verskuldig word.

Na-aftrede mediese voordele

Sekere indienslede en afgetrede personeel behoort aan die na-aftrede mediese subsidie-skema van die Groep. Die Groep betaal die maandelikse bydraes ten opsigte van die afgetrede lede oor aan die mediese fonds. Die waardasiemetode gebruik om verpligtinge te waardeer is die geprojekteerde kredieteenheid-metode. Die verwagte koste van hierdie voordele word opgeloop oor die periode van indiensname met gebruik van 'n metode soortgelyk aan die gebruik vir omskrewe voordeelpensioenplanne. Waardasies van die verpligting word gedoen deur onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse. Enige aktuariële winste of verliese word in die inkomstestaat erken.

In terme van die Groep se huidige beleid is die voordele slegs beskikbaar vir sekere indienslede en afgetrede personeel en nie vir toekomstige werknemers nie.

REKENINGKUNDIGE BELEID BY DIE FINANSIËLE STATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

Winsdeling en bonusplanne

'n Aanspreeklikheid vir werknemersvoordele in die vorm van winsdeling en bonusplanne word onder rekeninge betaalbaar erken indien daar geen realistiese alternatief is as om die las te vereffen nie, en daar aan minstens een van die volgende voorwaardes voldoen is:

- daar 'n formele plan is; of
- vorige praktyk het 'n geldige verwagting by werknemers geskep dat hulle 'n bonus of winsdeling sal ontvang.

Daar word verwag dat die aanspreeklikheid binne 12 maande vereffen sal word.

Die Groep bedryf ook 'n aansporingskema wat gebaseer is op skimaandele. Die billike waarde van die opgelope verpligting vir werknemerdienste ontvang, word as 'n uitgawe erken. Die Groep herevalueer die billike waarde van die verpligting op elke verslagdoeningsdatum en op die vereffeningsdatum totdat die verpligting vereffen word. Enige verandering in billike waarde word in die inkomstestaat gedurende die betrokke periode erken.

1.17 Afgeleide finansiële instrumente en verskansingsaktiwiteite

Afgeleide instrumente word aanvanklik erken teen billike waarde op die kontrakdatum. Na aanvanklike erkenning word afgeleide instrumente herstateer na billike waarde. Die metode wat gebruik word om die voortspruitende wins of verlies te erken hang af daarvan of die afgeleide instrumente geklassifiseer word as verskansingsinstrumente en, indien wel, die aard van die items wat verskans word. Die Groep klassifiseer sekere afgeleide instrumente as óf verskansing van die billike waarde van erkende bates of laste (billike waarde skans) óf verskansing van 'n spesifieke risiko wat verband hou met 'n erkende bate of las of 'n hoogs waarskynlike verwagte transaksie (kontantvloeiskans).

Die Groep dokumenteer by die aanvang van die transaksie die verhouding tussen die verskansingsinstrumente en die verskanste items, sowel as die risikobestuursdoelwitte en strategie waarvoor die onderskeie verskansingstransaksies aangegaan word. Die Groep dokumenteer ook die beoordeling of die afgeleide instrumente wat gebruik word in die verskansingstransaksies, beide by die aanvang van die transaksie en op 'n deurlopende basis, hoogs effektief is daarin om die veranderinge in billike waardes of kontantvloeie van verskanste items te verskans.

Billike waarde skans

Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat geklassifiseer word as billike waarde skanse word in die inkomstestaat erken, tesame met enige veranderinge in die billike waarde van die verskanste bate of las wat toeskryfbaar is aan die verskanste risiko.

Indien die verskansingsinstrument nie meer voldoen aan die vereistes van verskansingsrekeningkunde nie, word die aanpassing aan die drabedrag van die verskanste item geamortiseer na wins of verlies oor die termyn van die instrument, deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode.

Kontantvloeiskans

Die effektiewe gedeelte van die veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat geklassifiseer is en kwalifiseer as kontantvloeiskanse, word in ander omvattende inkomste erken. Die wins of verlies wat verband hou met die oneffektiewe gedeelte word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

Opgehoopte bedrae in ekwiteit word herwin deur die inkomstestaat in die periode waarin die verskanste item wins of verlies affekteer. Indien die verwagte transaksie wat verskans is aanleiding gee tot die erkenning van 'n nie-finansiële bate (bv voorraad) of 'n nie-finansiële las, word die winste en verliese wat voorheen uitgestel is in ekwiteit oorgedra vanaf ekwiteit en gekapitaliseer as deel van die aanvanklike koste van die bate of las.

Wanneer 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of wanneer die verskansingsinstrument nie langer voldoen aan die vereistes van verskansingsrekeningkunde nie, word enige huidige kumulatiewe wins of verlies in ekwiteit, in ekwiteit behou en erken wanneer die verwagte transaksie erken word in die inkomstestaat. Wanneer 'n verwagte transaksie na verwagting nie meer gaan voorkom nie, word die kumulatiewe wins en verlies in ekwiteit, onmiddellik erken in die inkomstestaat.

Afgeleide instrumente teen billike waarde deur wins of verlies en verantwoord teen billike waarde deur wins of verlies

Sekere verskansingsinstrumente voldoen nie aan die vereiste van verskansingsrekeningkunde nie. Veranderinge in die billike waarde van enige sulke verskansingsinstrumente word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

1.18 Hure

Hure waar 'n beduidende gedeelte van die risiko's en belonings van eienaarskap deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings wat ooreenkomstig bedryfshure gemaak word, word op 'n reguitlyn-grondslag oor die tydperk van die huur teen die inkomstestaat gedebiteer.

1.19 Inkomste-erkenning

Inkomste word erken teen die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar vir die verkoop van goedere en dienste in die gewone gang van die Groep se bedrywighede. Die Groep erken inkomste wanneer die bedrag van inkomste betroubaar bepaal kan word en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele van die transaksie na die onderneming sal vloei. Die bedrag van inkomste kan nie betroubaar bepaal word totdat alle verpligtinge ten opsigte van die verkoop nie afgehandel is nie. Inkomste word getoon netto van belasting op toegevoegde waarde, terugsendings, rabatte en kortings en na kansellering van intergroepverkope. Inkomste word soos volg erken:

Verkoop van goedere en dienste

Verkope van goedere en dienste verteenwoordig die billike waarde van verkope ten opsigte van vervaardiging, handelsbedrywighede en ander dienste, en word erken met lewering van produkte en op die stadium van voltooiing van dienste. Slegs die finansieringsmarge verdien op direkte verkope word as deel van inkomste erken. Die finansieringsmarge word erken met lewering van produkte deur die leweransier aan die klant.

Rente inkomste

Rente inkomste word erken op die tydtoedelingsgrondslag deur gebruikmaking van die effektiewe rentekoersmetode. Indien 'n debiteur 'n waardedaling ondergaan het, verminder die Groep die drabedrag na die verhaalbare bedrag, wat bepaal word as die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die debiteur. Rente op debiteure wat waardedalingsverliese ondergaan het word erken deur gebruik te maak van die oorspronklike effektiewe rentekoers.

Dividend inkomste

Dividend inkomste word erken wanneer die reg om betaling te ontvang gevestig word.

1.20 Buitelandse valuta transaksies

Funksionele en primêre geldeenheid

Items word in die finansiële state ingesluit deur gebruikmaking van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit handel dryf (die funksionele geldeenheid). Die gekonsolideerde finansiële state word aangebied in rand, wat die houermaatskappy se funksionele en rapporteringsgeldeenheid is.

Transaksies en saldo's

Buitelandse valuta transaksies word omgereken na die funksionele geldeenheid deur gebruikmaking van die heersende wisselkoers op die transaksiedatum. Winste en verliese voortspruitend uit die aflossing van sodanige transaksies en van die omskakeling van monetêre bates en aanspreeklikhede gedenomineer in buitelandse valuta, word erken in die inkomstestaat, behalwe wanneer die winste of verliese uitgestel word in ander omvattende inkomste as kwalifiserende kontantvloeiskanse. Sodanige saldo's word op jaareinde teen die heersende wisselkoerse omgeskakel.

REKENINGKUNDIGE BELEID BY DIE FINANSIËLE STATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

1.21 Aandelekapitaal

Gewone aandelekapitaal word geklassifiseer as ekwiteit. Addisionele kostes toeskryfbaar aan die uitreiking van nuwe aandele of aandele opsies word in ekwiteit getoon as 'n aftrekking, netto van belasting, teen die opbrengs.

Indien enige maatskappy in die Groep aandele van die maatskappy (tesourie aandele) koop, word die kosprys betaal, insluitende direk toeskryfbare addisionele kostes (netto van inkomstebelasting), afgetrek vanaf die ekwiteit toeskryfbaar aan die Groep se aandeelhouers totdat die aandele gekanselleer, heruitgereik of verkoop word. Waar sulke aandele later verkoop of heruitgereik word, word enige opbrengs verkry, netto van direk toeskryfbare addisionele transaksiekoste en die verwante inkomstebelastinggevolge, ingesluit in die ekwiteit toeskryfbaar aan die Groep se aandeelhouers.

1.22 Dividendverklarings

Dividendverklarings aan die maatskappy se aandeelhouers word as 'n verpligting in die finansiële state erken in die tydperk waarin die dividend goedgekeur word.

1.23 Voorsienings

Voorsienings word erken wanneer die Groep 'n huidige wetlike of afgeleide verpligting het as gevolg van gebeure in die verlede, dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele omvat vereis sal word om die verpligting te vereffen, en 'n betroubare beraming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word. Voorsienings word nie erken vir toekomstige bedryfsverliese nie.

Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die beste raming van die bedrag wat vereis word om die verpligting te vereffen. Die verdiskonteringskoers is 'n voorbelaste koers wat huidige marktoestande met betrekking tot die tydwaarde van geld en die risiko's spesifiek met betrekking tot die verpligting in ag neem.

1.24 Finansiële waarborge

'n Finansiële waarborg kontrak is 'n kontrak wat vereis dat die uitreiker spesifieke betalings moet maak om die houer van die kontrak te vergoed vir 'n verlies wat ontstaan het weens 'n spesifieke debiteur wat nie die nodige betalings maak wanneer dit verskuldig is nie. Finansiële waarborge word aanvanklik gemeet teen billike waarde. Daarna word dit gemeet teen die hoogste van die bedrag bepaal volgens IAS 37: Voorsienings, Voorwaardelike verpligtinge en Voorwaardelike bates, en die bedrag oorspronklik erken minus kumulatiewe amortisasie erken volgens IAS 18: Inkomste.

1.25 Leenkoste

Leenkoste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate word as deel van die koste van daardie bate gekapitaliseer totdat die bate gereed is vir sy voorgenome gebruik. Die bedrag van die leenkoste wat gekapitaliseer kan word, word soos volg bereken:

- Werklike leenkoste op fondse wat spesifiek geleen is met die doel om 'n kwalifiserende bate te verkry minus enige tydelike belegging van dié lenings.
- Die geweegde gemiddeld van die leenkoste wat op die entiteit van toepassing is op fondse wat in die algemeen geleen word met die doel om 'n kwalifiserende bate te verkry. Die gekapitaliseerde leenkoste oorskry nie die totale leenkoste wat aangegaan word nie.

Die kapitalisering van leenkoste neem 'n aanvang wanneer:

- besteding vir die bate plaasgevind het;
- leenkoste aangegaan is; en
- aktiwiteite wat nodig is om die bate vir die voorgenome gebruik of verkoop daarvan voor te berei, aan die gang is.

Kapitalisering word opgeskort wanneer die aktiewe ontwikkeling van kwalifiserende bates vir uitgebreide tydperke onderbreek word. Kapitalisasie word gestaak wanneer al die aktiwiteite wat nodig is om die kwalifiserende bate vir die voorgenome gebruik of verkoop daarvan in wese afgehandel is. Alle ander leenkoste word as 'n uitgawe in die inkomstestaat erken gedurende die periode waarin dit aangegaan word.

1.26 Lopende inkomstebelasting

Die lopende inkomstebelastinguitgawe word bereken deur gebruikmaking van belastingwetgewing wat afgekondig is of wesenlik afgekondig is op die verslagdoeningsdatum. Bestuur evalueer op 'n gereelde grondslag die stand van belasting-opgawes in gevalle waar die toepaslike belastingregulasies onderhewig is aan interpretasie. Toepaslike voorsienings word geskep op grond van bedrae wat na verwagting aan die belastingowerhede betaal sal word.

1.27 Sekondêre belasting op maatskappye (SBM)

Suid-Afrikaanse inwoner maatskappye is onderhewig aan 'n tweeledige korporatiewe belastingstelsel. Een deel van die belasting word gehef op belasbare inkomste en die ander, 'n sekondêre belasting (SBM), op uitgekeerde inkomste. 'n Maatskappy loop 'n SBM koste op, op verklaarde of geagte verklaring van dividende, soos omskryf in die inkomste-belastingwet, aan sy aandeelhouers. SBM is nie 'n terughoubelasting op aandeelhouers nie, maar 'n belasting op maatskappye.

Die SBM belastingimplikasie van dividende word in die inkomstestaat erken as 'n belastingheffing in dieselfde periode as wat die verbandhoudende dividend as 'n verpligting erken word. Die SBM verpligting word verminder deur dividende ontvang gedurende die dividendsiklus. Waar dividende betaal die dividende ontvang oorskry in 'n siklus, is SBM betaalbaar teen die huidige SBM koers op die netto bedrag. Waar dividende ontvang die dividende betaal oorskry in 'n siklus, is daar geen verpligting om SBM te betaal nie. Die potensiële belastingvoordeel wat verband hou met surplus dividende ontvang, word oorgedra na die volgende dividendsiklus as 'n SBM krediet. Uitgestelde belasting word erken op onbenutte SBM krediete in die mate wat dit waarskynlik is dat dividende verklaar sal word waarteen die onbenutte SBM krediete aangewend kan word.

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

OP 30 SEPTEMBER

		GROEP	
		2010	2009
	Aantekening	R'000	R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	3	305 262	286 985
Belegging in geassosieerde maatskappye	4	1 570 452	1 543 622
Uitgestelde belasting	5	4 555	1 661
		1 880 269	1 832 268
Bedryfsbates			
Voorraad	6	363 241	356 767
Handels- en ander debiteure	7	756 721	708 354
Finansiële instrumente vir verskansing	8	556	770
Kontant en kontantekwivalente	9	15 737	17 281
Inkomstebelasting		269	269
		1 136 524	1 083 441
Totale bates		3 016 793	2 915 709
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes			
Gewone aandelekapitaal	10	2 551	2 551
Aandelepremie		659 371	659 371
Ander reserwes	11	772 342	746 335
Behoue wins		838 262	766 846
Tesourie aandele	10	(9 119)	(9 119)
Totale ekwiteit		2 263 407	2 165 984
Nie-bedryfslaste			
Uitgestelde belasting	5	2 271	117
Voorsienings vir ander laste en aanspreeklikhede	12	16 067	19 232
		18 338	19 349
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	13	383 633	351 017
Finansiële instrumente vir verskansing	8	556	770
Korttermyngedeelte van voorsienings vir ander laste en aanspreeklikhede	12	4 913	5 004
Korttermynlenings	14	344 645	373 443
Inkomstebelasting		1 301	142
		735 048	730 376
Totale laste		753 386	749 725
Totale ekwiteit en laste		3 016 793	2 915 709

INKOMSTESTAAT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	Aantekening	GROEP 2010 R'000	GROEP 2009 R'000
Inkomste	19	**2 449 556**	2 274 091
Koste van verkope		**(2 036 058)**	(1 868 536)
Bruto wins		**413 498**	405 555
Ander bedryfsinkomste	20	**86 871**	95 794
Verspreidingskoste		**(39 636)**	(37 237)
Administratiewe uitgawes		**(214 747)**	(192 735)
Ander bedryfsuitgawes		**(113 469)**	(100 156)
Bedryfswins		**132 517**	171 221
Finansieringskoste	23	**(25 401)**	(36 844)
Aandeel in wins van geassosieerde maatskappye	4	**66 156**	175 796
Wins voor belasting		**173 272**	310 173
Inkomstebelasting	24	**(26 871)**	(36 022)
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers van die houermaatskappy		**146 401**	274 151
Verdienste per aandeel – basies en verwaterde (sent)	25	**59,43**	111,43
Dividend per aandeel (sent)	26	**24,00**	30,00

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
Wins vir die jaar	**146 401**	274 151
Ander omvattende inkomste:	**10 144**	(7 608)
Hermeting na billike waarde – Beskikbaar-vir-koop beleggings	**–**	(2)
Kontantvloeiskanse	**(39)**	(247)
Verwatering weens vermindering in belang van geassosieerde maatskappy	**–**	(4 015)
Aandeel in ander omvattende inkomste van geassosieerde maatskappye	**10 183**	(3 344)
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan die aandeelhouers van die houermaatskappy	**156 545**	266 543

STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP							
	Aandele-kapitaal R'000	Aandele-premie R'000	Herwaar-dasie-reserwe R'000	Billike waarde reserwe R'000	Besigheids-kombinasie reserwe R'000	Ekwiteits-reserwe R'000	Behoue wins R'000	Tesourie aandele R'000
Saldo 1 Oktober 2008	2 551	659 371	20 486	141	216 582	399 623	684 500	(9 587)
Tesourie aandele verkoop	–	–	–	–	–	–	1 530	468
Totale omvattende inkomste	–	–	–	(249)	–	(7 359)	274 151	–
Dividende betaal	–	–	–	–	–	–	(76 224)	–
Oordrag tussen reserwes	–	–	(1 944)	–	–	119 055	(117 111)	–
Saldo 30 September 2009	2 551	659 371	18 542	(108)	216 582	511 319	766 846	(9119)
Totale omvattende inkomste	–	–	–	(39)	–	10 183	146 401	–
Dividende betaal	–	–	–	–	–	–	(59 122)	–
Oordrag tussen reserwes	–	–	(784)	–	–	16 647	(15 863)	–
Saldo 30 September 2010	2 551	659 371	17 758	(147)	216 582	538 149	838 262	(9 119)

STAAT VAN KONTANTVLOEIE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	Aantekening	GROEP 2010 R'000	GROEP 2009 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		**94 915**	47 073
Netto kontantwins uit bedryfsaktiwiteite	27	**137 786**	167 690
Bedryfskapitaalveranderinge	28	**(16 415)**	(58 436)
Inkomstebelasting betaal	29	**(26 456)**	(62 181)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		**16 862**	14 724
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting		**(33 076)**	(46 805)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		**1 503**	4 637
Opbrengs met verkoop van beleggings		**–**	151
Opbrengs met versekeringseis – eiendom, aanleg en toerusting		**3 583**	–
Verkryging van bedrywighede	30	**(4 657)**	–
Dividende ontvang		**49 509**	56 741
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		**(113 321)**	(64 349)
Opbrengs met verkoop van Tesourie aandele		**–**	1 998
Terugbetaling van lenings		**–**	(136)
Toename/(afname) in korttermynlenings		**(28 798)**	46 857
Rente betaal		**(25 401)**	(36 844)
Dividend betaal		**(59 122)**	(76 224)
Netto afname in kontant en kontantekwivalente		**(1 544)**	(2 552)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		**17 281**	19 833
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		**15 737**	17 281
Bestaande uit:			
– Bank en kontant voorhande		**15 737**	17 281

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die belangrikste rekeningkundige beleide, wat in die opstelling van hierdie finansiële state geïnkorporeer is, word op bladsye 22 tot 33 uiteengesit. Hierdie beleide is konsekwent toegepas vir al die jare wat aangebied word, tensy andersins aangedui.

2. KRITIESE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN AANNAMES

Die Groep maak ramings en aannames rakende die toekoms. Die voortspruitende rekeningkundige ramings sal na verwagting selde presies gelyk wees aan die werklike resultate. Die ramings en aannames wat 'n wesenlike risiko van aanpassings aan die drawaardes van bates en laste binne die volgende finansiële jaar inhou, word hieronder bespreek.

Erkenning van uitgestelde belastingbates

'n Filiaal van die houermaatskappy beskik oor 'n huidige jaar berekende belastingverlies van R6,0 miljoen (2009: R9,9 miljoen). Die filiaal het gedurende die afgelope twee finansiële jare 'n wins getoon, maar gedurende die voorafgaande finansiële jare het die filiaal verliese getoon. Vir die volgende finansiële jaar word 'n belasbare wins van R5,2 miljoen begroot. Dit is die mening van bestuur dat daar weens die twyfel wat bestaan oor die volhoubaarheid van toekomstige belasbare inkomste waarteen die aangeslane belastingverlies benut kan word, 'n uitgestelde belastingbate slegs vir die begrote belasbare inkomste geskep moet word. Die Groep het 'n SBM krediet van R75,0 miljoen (2009: R87,7 miljoen). Dit is bestuur se mening dat hierdie SBM krediet in alle waarskynlikheid nie in die afsienbare toekoms benut sal word nie, veral gesien in die lig van onlangse inkomstebelastingwet wysigings, en gevolglik word geen uitgestelde belastingbate erken nie.

Eiendom, aanleg en toerusting

Waardevermindering word op eiendom, aanleg en toerusting erken oor die nuttige lewensduur, met inagneming van die reswaardes van die bates aan die einde van die nuttige lewensduur. Die reswaardes en nuttige lewensduur word gebaseer op industriekennis en vorige ondervinding met soortgelyke bates. Verwys na aantekening 1.6 van die Groep se rekeningkundige beleid.

Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure

Ten einde die voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure te bepaal, maak bestuur sekere ramings wat verband hou met die geagte invorderingskoers van debiteure vir wie daar geagte waardedaling is asook historiese waardedalingskoerse gebaseer op risiko faktore spesifiek tot die bedryf, soos prysvolatiliteit van produkte, wisselkoerse, arbeidsintensiteit van produkte en kommoditeitspryse.

Voorraad voorsienings

Die Groep maak sekere ramings wat verband hou met die verhaalbaarheid van voorraad, gebaseer op die gereeldheid van beweging in die verskillende voorraadklasse. Hierdie ramings word gebruik ten einde die omvang van voorraad voorsienings te bepaal.

Na-aftrede mediese voordele

Verwys na aantekening 1.16 van die Groep se rekeningkundige beleid asook aantekening 12.

Aandeelgebaseerde vergoeding

Verwys na aantekening 1.16 van die Groep se rekeningkundige beleid asook aantekening 12.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
3. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING		
Kosprys/geagte kosprys		
Grond en geboue	246 867	224 679
Ander eiendom	243 467	221 279
Beleggingseiendom	3 400	3 400
Graansilo's	39 189	39 242
Masjinerie en toerusting	38 864	33 573
Voertuie	12 362	11 751
Kantoormeubels en -toerusting	52 835	47 667
Verbeterings aan huureiendom	3 548	1 655
Bates onder konstruksie	933	10 490
	394 598	369 057
Opgehoopte waardevermindering		
Grond en geboue	(7 806)	(6 429)
Ander eiendom	(7 773)	(6 418)
Beleggingseiendom	(33)	(11)
Graansilo's	(24 577)	(23 345)
Masjinerie en toerusting	(21 587)	(19 111)
Voertuie	(8 358)	(7 925)
Kantoormeubels en -toerusting	(26 039)	(24 648)
Verbeterings aan huureiendom	(969)	(614)
	(89 336)	(82 072)
Totale drawaarde	305 262	286 985
Waardevermindering word soos volg geallokeer in die inkomstetaat:		
Koste van verkope	(750)	(1 190)
Ander bedryfsuitgawes	(12 223)	(10 981)
	(12 973)	(12 171)

'n Register van grond en geboue wat die besonderhede, soos vereis deur Bylaag 4 van die Maatskappywet, vervat, is ter insae beskikbaar by die maatskappy en die filiale se geregistreerde kantore.

Rekonsiliasie van bewegings in drawaarde

	Totaal R'000	Grond en geboue R'000	Graan-silo's R'000	Masjinerie en toerusting R'000	Voertuie R'000	Kantoor-meubels en toerusting R'000	Ver-beterings aan huur-eiendom R'000	Bates onder konstruksie R'000
30 September 2010								
Drawaarde								
1 Oktober 2009	286 985	218 250	15 897	14 462	3 826	23 019	1 041	10 490
Toevoegings	33 179	23 427	1	5 646	1 257	10 512	1 893	(9 557)
Vervreemdings	(342)	–	–	(26)	(111)	(205)	–	–
Afskrywings weens brand	(1 232)	(1 232)	–	–	–	–	–	–
Verbeterings aan huureiendom afgeskryf	(355)	–	–	–	–	–	(355)	–
Waardevermindering	(12 973)	(1 384)	(1 286)	(2 805)	(968)	(6 530)	–	–
Drawaarde 30 September 2010	305 262	239 061	14 612	17 277	4 004	26 796	2 579	933

	Totaal R'000	Grond en geboue R'000	Graan-silo's R'000	Masjinerie en toerusting R'000	Voertuie R'000	Kantoor-meubels en toerusting R'000	Ver-beterings aan huur-eiendom R'000	Bates onder konstruksie R'000
30 September 2009								
Drawaarde								
1 Oktober 2008	256 855	204 776	16 170	11 743	2 017	16 424	484	5 241
Toevoegings	46 805	18 797	985	5 648	3 317	12 146	663	5 249
Vervreemdings	(4 398)	(3 474)	–	(81)	(783)	(60)	–	–
Verbeterings aan huureiendom afgeskryf	(106)	–	–	–	–	–	(106)	–
Waardevermindering	(12 171)	(1 849)	(1 258)	(2 848)	(725)	(5 491)	–	–
Drawaarde 30 September 2009	286 985	218 250	15 897	14 462	3 826	23 019	1 041	10 490

4. BELEGGING IN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE

	GROEP 2010 R'000	2009 R'000
Begin van die jaar	**1 543 622**	1 431 926
Aandeel in totale omvattende inkomste	**76 339**	168 437
Aandeel in netto wins	**73 699**	178 474
Verwatering weens vermindering in belang	**(4 865)**	(4 015)
Amortisasie van ontasbare en vaste bates herwaardeer na billike waarde tydens die verkryging van die addisionele belang	**(2 678)**	(2 678)
Aandeel in reserwes	**10 183**	(3 344)
Dividende ontvang	**(49 509)**	(56 741)
Einde van die jaar	**1 570 452**	1 543 622
Pioneer Voedsel Groep Beperk		
Aantal uitgereikte aandele: 211 600 620 (2009: 212 581 088)		
Aantal aandele uitgesluit uitgereikte aandele wat nie tans in wins deel nie: 178 098 009 (2009: 176 443 737)		
Stemreg belang: 28,73% (2009: 28,59%)		
Ekonomiese belang: 31,23% (2009: 31,53%)		
55 627 707 (2009: 55 627 707) Aandele teen billike waarde op datum van verkryging	**1 032 280**	1 032 280
Aandeel in na-verkrygings behoue wins	**538 149**	511 319
RSA Agri Makelaars (Edms) Bpk		
Aantal uitgereikte aandele: 500 (2009: 500)		
Aandeelhouding: 20% (2009: 20%)		
100 (2009: 100) Aandele teen billike waarde op datum van verkryging	**23**	23
Aandeel in na-verkrygings behoue wins	**–**	–
	1 570 452	1 543 622
Billike waarde teen gekwoteerde markprys	**2 648 332**	1 863 849

Die aandele in Pioneer Voedsel Groep Beperk dien as sekuriteit soos uiteengesit in aantekening 14.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
Die aandeel in die geassosieerdes se wins vir die periode word bereken deur gebruik te maak van die ekonomiese belang. Die ekonomiese belang word bereken deur die geassosieerde se totale uitgereikte aandelekapitaal te verminder met die geassosieerde se uitgereikte aandele wat nie tans in wins deel nie.		
Die Groep se proporsionele belang in die bates en laste van die geassosieerde maatskappye is soos volg:		
Nie-bedryfsbates	**1 363 513**	1 214 339
Bedryfsbates	**1 410 208**	1 340 837
Totale bates	**2 773 721**	2 555 176
Nie-bedryfslaste	**647 800**	552 860
Bedryfslaste	**639 274**	540 941
Totale laste	**1 287 074**	1 093 801
Die Groep se proporsionele belang in die kontantvloeie van die geassosieerde maatskappye is soos volg:		
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**431 073**	527 211
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(252 846)**	(148 662)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**(141 521)**	(164 895)
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**36 706**	213 654
Die Groep se proporsionele belang in die inkomste en uitgawes van die geassosieerde maatskappye is soos volg :		
Inkomste	**4 944 046**	5 185 095
Wins voor belasting	**193 737**	284 884
Inkomstebelasting	**(120 038)**	(106 410)
Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**73 699**	178 474

Skikking met Mededingingskommissie:

Pioneer Voedsel Groep Beperk en die Mededingingskommissie het op 2 November 2010 aangekondig dat hulle ooreengekom het op 'n volle en finale skikking wat alle ondersoeke en stappe afhandel. Die Mededingingstribunaal het die skikkingsooreenkoms op 30 November 2010 bevestig. Pioneer Voedsel Groep is 'n verdere boete van R500 miljoen opgelê, addisioneel tot die administratiewe boete van R196 miljoen, wat in April 2010 betaal is. Verder moet Pioneer Voedsel Groep ook sy bruto wins op sekere koringmeel- en broodprodukte met R160 miljoen verlaag. R654 miljoen van die boetes is in die huidige finansiële jaar erken.

Pioneer Voedsel Groep Beperk het 'n aandele-aansporingskema, sowel as klas A gewone aandele uitgereik in terme van 'n werknemer aandeleskema, wat 'n potensiële verwateringseffek op die Kaap Agri Groep se ekonomiese belang sal hê. Die totale potensiële verwatering van 2,5%, wat as gevolg van die uitoefening van opsies mag plaasvind, sal direk in die inkomstestaat verantwoord word.

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
5. UITGESTELDE BELASTING		
Beweging van uitgestelde belasting		
Saldo begin van jaar	**1 544**	(1 405)
Inkomstestaat krediet	**744**	2 438
Krediet/(debiet) teen reserwes	**(4)**	511
Saldo einde van jaar	**2 284**	1 544
Weens die volgende tydsberekeningsverskille:		
Eiendom, aanleg en toerusting	**(18 116)**	(17 426)
Valuta-omrekeningsverskille	**12**	16
Belastingverlies	**4 401**	1 075
Voorsienings en opgelope uitgawes	**15 987**	17 879
	2 284	1 544
Vir doeleindes van die staat van finansiële posisie word uitgestelde belasting soos volg openbaar:		
Nie-bedryfsbates	**4 555**	1 661
Nie-bedryfslaste	**(2 271)**	(117)
	2 284	1 544
6. VOORRAAD		
Handelsware	**359 392**	351 862
Grondstowwe	**3 010**	4 010
Verbruiksgoedere	**839**	895
	363 241	356 767
Voorraad gedra teen netto realiseerbare waarde	**22 867**	9 460

Ingesluit by die voorraad is 'n voorsiening vir stadig bewegende en verouderde voorraad van R7,6 miljoen (2009: R7,3 miljoen). Voorraad met 'n waarde van R3,5 miljoen (2009: R6,9 miljoen) is gedurende die jaar afgeskryf.

Die voorraad is beswaar as sekuriteit soos uiteengesit in aantekening 14.

7. HANDELS- EN ANDER DEBITEURE		
Handelsdebiteure	**747 653**	700 477
Voorsiening vir waardedaling	**(31 363)**	(26 124)
	716 290	674 353
Diverse debiteure	**40 431**	34 001
	756 721	708 354

Die drabedrag van handels- en ander debiteure is benaderd gelyk aan die billike waarde daarvan op die verslagdoeningsdatum.

Die handelsdebiteure is beswaar as sekuriteit soos uiteengesit in aantekening 14.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000

8. FINANSIËLE INSTRUMENTE VIR VERSKANSING

Die netto billike waardes van Finansiële instrumente teen billike waarde deur wins of verlies en Afgeleide finansiële instrumente op verslagdoeningsdatum is:

Finansiële instrumente teen billike waarde deur wins of verlies

Vaste verbintenis – Graanaankope		
Bates/(Laste)		
– Termynkoopkontrakte	**1 361**	(643)
– Opsies	**(805)**	(127)
	556	(770)

Termynkoopkontrakte en opsies

Die termynkoopkontrakte en opsies verteenwoordig kontrakte met produsente vir die verkryging van toekomstige fisiese kommoditeite, wat gelewer word binne die volgende 12 maande na jaareinde.

Afgeleide finansiële instrumente

Verskansingsinstrumente		
Bates/(Laste)		
– Termynverkoopkontrakte	**(1 361)**	643
– Opsies	**805**	127
	(556)	770

Termynverkoopkontrakte

Die termynverkoopkontrakte verteenwoordig kontrakte met meulenaars en SAFEX vir die toekomstige verkoop van fisiese kommoditeite.

Opsies

Opsies verteenwoordig afgeleide finansiële instrumente afkomstig van produsente wat met die fisiese lewering van kommoditeite verhaal word.

9. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Kontant voorhande	**497**	424
Banksaldo's	**15 240**	16 857
	15 737	17 281

10. GEWONE AANDELEKAPITAAL

Gemagtig:		
400 000 000 (2009: 400 000 000) gewone aandele van R0,01 elk	**4 000**	4 000
Uitgereik:		
255 147 696 (2009: 255 147 696) gewone aandele van R0,01 elk	**2 551**	2 551
Tesourie aandele:		
8 807 982 (2009: 8 807 982) gewone aandele	**(9 119)**	(9 119)

Alle uitgereikte aandele is ten volle opbetaald.

	GROEP	
	2010 R'000	2009 R'000

11. ANDER RESERWES

Herwaardasiereserwe — 17 758 | 18 542

Die Herwaardasiereserwe het in 2006 ontstaan toe die maatskappy se grond en geboue herwaardeer is na billike waarde. Die maatskappy het die "billike waarde as geagte koste"-vrystelling in terme van IFRS 1 "Aanvanklike aanvaarding van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde" gekies en toegepas.

Billike waarde reserwe — (147) | (108)

Beskikbaar-vir-verkoop beleggings word in die staat van finansiële posisie getoon teen billike waarde. Die hermeting vanaf aanvanklike kosprys tot billike waarde word direk in die staat van omvattende inkomste erken op die Billike waarde reserwe. Wanneer hierdie beleggings verkoop word of 'n waardedaling ondergaan, word die opgehoopte Billike waarde reserwe in ekwiteit in die inkomstestaat erken.

Afgeleide finansiële instrumente wat geklassifiseer is en kwalifiseer as kontantvloeiskanse word in die staat van finansiële posisie getoon teen billike waarde. Die effektiewe gedeelte van die veranderinge in die billike waarde word direk in ander omvattende inkomste erken op die Billike waarde reserwe.

Besigheidskombinasie reserwe — 216 582 | 216 582

Die verskil tussen die pariwaarde van aandele uitgereik tydens 'n transaksie onder gemeenskaplike beheer en die billike waarde van die teenprestasie ontvang word direk in ekwiteit erken teen die Besigheidskombinasie reserwe. Vir die volgende transaksies onder gemeenskaplike beheer is daar bedrae teen hierdie reserwe erken:

- Op 31 Januarie 2005 is die bedryfsmaatskappye van WPK en Boland Agri in 'n nuwe tussenhouermaatskappy saamgevoeg.
- Op 31 Julie 2007 is die Kaap Agri Groep herstruktureer om Kaap Agri A en Kaap Agri B in een houermaatskappy saam te voeg.
- Op 1 Augustus 2007 het die Groep 'n verdere belang in Pioneer Voedsel Groep Beperk bekom in 'n aandele ruiltransaksie.

Ekwiteitsreserwe — 538 149 | 511 319

Die aandeel in die wins van geassosieerde maatskappye, minus enige dividende ontvang, word oorgedra na die Ekwiteitsreserwe. Die aandeel in enige ander bewegings in reserwes van geassosieerdes, sowel as die effek van verwaterende en antiverwaterende ekwiteits-transaksies van geassosieerdes, word in die inkomstestaat en staat van omvattende inkomste erken en dan oorgedra na die Ekwiteitsreserwe.

772 342	746 335

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
12. VOORSIENINGS VIR ANDER LASTE EN AANSPREEKLIKHEDE		
Na-aftrede mediese voordele	16 627	16 478
Saldo begin van jaar	16 478	15 528
Rentekoste erken in die inkomstestaat	1 428	1 217
Aktuariële verlies	–	950
Bydraes	(1 279)	(1 217)
Langtermynaansporingskema	4 353	7 758
Saldo begin van jaar	7 758	7 994
Uitbetaling	(3 783)	(3 283)
Rentekoste erken in inkomstestaat	342	448
Aktuariële verlies erken in inkomstestaat	36	61
Huidige dienskoste	–	2 538
	20 980	24 236
Korttermyngedeelte oorgedra na bedryfslaste	(4 913)	(5 004)
Na-aftrede mediese voordele	(1 284)	(1 221)
Langtermynaansporingskema	(3 629)	(3 783)
	16 067	19 232
Bestaande voorsienings is op die volgende belangrikste aannames gebaseer:		
Na-aftrede mediese voordele		
Koste van mediese inflasie (%)	7,75	7,75
Verdiskonteringskoers (%)	9,00	9,00
Gemiddelde aftree-ouderdom (jaar)	65	65
Verwagte lidmaatskapvoortsetting by aftrede (%)	100	100
	R'000	R'000
Effek van 'n 1%-beweging in die veronderstelde koste van mediese inflasie en die verdiskonteringskoers:	+1%	-1%
Koste van mediese inflasie		
Gedeelte van huidige dienskoste en rentekoste	136	(119)
Verpligting	1 487	(1 293)
Verdiskonteringskoers		
Verpligting	(1 366)	1 601
Effek van 'n 1-jaarbeweging in die veronderstelde gemiddelde aftree-ouderdom :	+ 1	- 1
Gemiddelde aftree-ouderdom		
Verpligting	(30)	32

	2010 R'000	2009 R'000	2008 R'000	2007 R'000	2006 R'000
Tendens inligting:					
Huidige waarde van verpligtinge	16 627	16 478	15 528	14 791	14 149
Huidige waarde van planbates	–	–	–	–	–
Huidige waarde van verpligtinge bo planbates	16 627	16 478	15 528	14 791	14 149
Ondervinding aanpassings:					
Huidige waarde van verpligtinge	–	(588)	(716)	(495)	(2 483)
Huidige waarde van planbates	–	–	–	–	–
Aktuariële verlies voor veranderinge in aannames	–	(588)	(716)	(495)	(2 483)

	GROEP	
	2010	2009
Langtermynaansporingskema		
Verdiskonteringskoers (%)	7,42	8,53
Groeikoers van skimaandeel waarde – jaar geëindig 30 September 2010 (%)	11,00	11,00
Groeikoers van skimaandeel waarde – jaar geëindig 30 September 2011 (%)	11,00	11,00
Groeikoers van skimaandeel waarde – jaar geëindig 30 September 2012 (%)	11,00	11,00
Groeikoers van skimaandeel waarde – jaar geëindig 30 September 2013 (%)	11,00	11,00
Skimaandele verbeur in toekomstige periodes (aantal)	0	0

Die Groep bedryf 'n aansporingskema wat gebaseer is op skimaandele. Ingevolge die skema word skimaandele aan senior bestuur en uitvoerende direkteure toegewys teen 'n waarde wat bereken word met verwysing na die Groep se aandeelverhandelingswaarde en prys/verdiensteverhouding van die bedrywe. Die berekende toename in die waarde van die skimaandele word as bonus uitbetaal oor drie, vier en vyf jaar, 'n derde in elke jaar, vanaf die datum waarin die skimaandele toegeken is. Deelnemers aan die skema moet in diens van die Groep wees op die uitbetalingsdatum. Die opgelope verpligting in terme van die skema word op 'n tydbasis voorsien teen inkomste. Op jaareinde was daar 6 185 875 (2009: 6 185 875) skimaandele, toegewys teen berekende waardes van tussen R3,00 en R7,36 per aandeel.

13. HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

	R'000	R'000
Handelskrediteure	346 434	301 922
Ander krediteure	37 199	49 095
	383 633	351 017

Die drabedrag van handels- en ander krediteure is benaderd gelyk aan die billike waarde daarvan op die verslagdoeningsdatum.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
14. KORTTERMYNLENINGS		
Bankoortrekings	**341 532**	368 967
RSA Agri Makelaars (Edms) Bpk	**3 113**	4 476
	344 645	373 443

Die drabedrag van Korttermynlenings is benaderd gelyk aan die billike waarde daarvan op die verslagdoeningsdatum.

Die bankoortrekkingsfasiliteit word jaarliks hernu en die huidige fasiliteite dra rente teen prima minus 1,85%.

Die lening van RSA Agri Makelaars (Edms) Bpk is onverseker en dra rente teen koerse soos van tyd tot tyd ooreengekom. Daar bestaan geen formele terugbetalingsvoorwaardes nie.

Die bankoortrekkingsfasiliteit van R623 miljoen is verseker deur:
- 'n Beperkte waarborg deur Kaap Agri Beleggings Beperk (beperk tot R680 miljoen) vir die fasiliteit van Kaap Agri Bedryf Beperk.
- 'n Sessie van handelsdebiteure en voorraad van Kaap Agri Bedryf Beperk.
- 'n Negatiewe pand oor bates in die naam van Kaap Agri Bedryf Beperk en sy filiale.
- 'n Sessie en pand oor die aandeelhouding van Kaap Agri Beleggings Beperk in Agri Voedsel Beleggings (Edms) Bpk.
- 'n Sessie oor die leningsrekening van Kaap Agri Beleggings Beperk aan Agri Voedsel Beleggings (Edms) Bpk.
- 'n Negatiewe pand oor 55 627 707 Pioneer Voedsel Groep aandele in die naam van Agri Voedsel Beleggings (Edms) Bpk.
- 'n Sessie van handelsdebiteure van Agriplas (Edms) Bpk, asook 'n beperkte waarborg deur Kaap Agri Bedryf Beperk (beperk tot R6 miljoen) vir die fasiliteit van Agriplas (Edms) Bpk.
- 'n Onbeperkte waarborg deur Kaap Agri Beleggings Beperk vir R20 miljoen fasiliteit van Kaap Agri (Namibia) (Edms) Bpk.

15. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

Die maatskappye in die Groep verkoop produkte in die gewone loop van besigheid aan direkteure teen terme en voorwaardes wat op alle klante van toepassing is.

Transaksies met direkteure en uitstaande saldo's		
Verkope	**29 249**	36 104
Aankope	**13 155**	4 948
Handelsdebiteure	**6 826**	10 288
Transaksies met geassosieerde maatskappye en uitstaande saldo's		
Verwys ook na aantekening 4.		
Verkope	**42 157**	35 322
Aankope	**27 902**	28 187
Rente betaal	**349**	429
Handelsdebiteure	**795**	500
Handelskrediteure	**2 554**	2 245
Lening	**3 113**	4 476

Die verhoudings tussen die onderskeie maatskappye binne die Groep word in aantekening 32 geopenbaar. Verwys na aantekening 14 vir lenings met verwante partye.

Verwys na uitvoerende direkteursvergoeding soos geopenbaar in aantekening 22 vir sleutelbestuursvergoeding.

16. FINANSIËLE RISIKO BESTUUR

Die Groep se aktiwiteite stel hulle bloot aan 'n verskeidenheid van finansiële risiko's soos markrisiko (insluitende buitelandse valutarisiko, billike waarde rentekoersrisiko en prysrisiko), kredietrisiko, likiditeitsrisiko en kontantvloei rentekoersrisiko. Die Groep se algehele risiko bestuursprogramme fokus op die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en poog om die ongunstige effek op die maatskappy se finansiële posisie tot 'n minimum te beperk.

Die rekeningkundige beleid vir finansiële instrumente is toegepas op die volgende lynitems volgens die staat van finansiële posisie: beskikbaar-vir-verkoop beleggings, handels- en ander debiteure, finansiële instrumente deur wins of verlies, afgeleide finansiële instrumente, kontant en kontantekwivalente, handels- en ander krediteure en lenings.

Die drabedrag volgens die staat van finansiële posisie verskil van die bedrae in hierdie aantekening geopenbaar weens items wat ingesluit is by die drabedrag volgens die staat van finansiële posisie wat nie aan die definisie van 'n finansiële instrument voldoen nie of uitgesluit is by die omvang van IFRS 7: Finansiële instrumente: Openbaarmakings. Hierdie items sluit vooruitbetaalde uitgawes van R357 494 (2009: R349 236), statutêr ontvangbare bedrae van R22,4 miljoen (2008: R19,7 miljoen), statutêre verpligtinge van R2,1 miljoen (2009: R4,1 miljoen) en verpligtinge ten opsigte van werknemer-voordele van R10,7 miljoen (2009: R11,2 miljoen) in.

Markrisiko:

Buitelandse valutarisiko:

Die Groep is blootgestel aan beperkte buitelandse valutarisiko voortspruitend uit verskeie valutablootstellings, hoofsaaklik met betrekking tot die VSA dollar en die euro. Buitelandse valutablootstelling ontstaan hoofsaaklik uit die aankoop van voorraad en bates in die buiteland. Buitelandse valutatermynkontrakte word gebruik om die valutablootstelling te beperk.

Daar is ook 'n omrekeningsrisiko wat gepaard gaan met die konsolidasie van die resultate van buitelandse filiale in Suid-Afrikaanse rand, die Groep se rapporteringsgeldeenheid.

Kaap Agri (Namibia) (Edms) Bpk is tans die enigste buitelandse filiaal binne die Groep. Die funksionele geldeenheid van Kaap Agri (Namibia) (Edms) Bpk is die Namibiese dollar. Die wisselkoers tussen die Namibiese dollar en Suid-Afrikaanse rand is vasgestel op 1 Namibiese dollar vir 1 Suid-Afrikaanse rand. Gevolglik ontstaan daar geen wisselkoersverskille met die omrekening van hierdie buitelandse filiaal nie.

Kontantvloei en billike waarde rentekoersrisiko:

Die Groep finansier sy bedrywighede met 'n kombinasie van aandeelhouersfondse en bankfasiliteite. Die Groep se blootstelling aan rentekoerse en die effektiewe rentekoerse kan soos volg opgesom word:

	Teen swewende koerse			
	Koers	**Bedrag**	Koers	Bedrag
	2010	**2010**	2009	2009
	%	**R'000**	%	R'000
Bates:				
Handelsdebiteure	**9,50 – 14,50**	**716 290**	10,75 – 15,75	674 353
Ander debiteure	**–**	**17 705**	–	14 038
Kontant en kontantekwivalente	**4,50**	**15 738**	5,50	17 281
Laste:				
Bankoortrekking	**7,65**	**341 532**	8,65	368 967
Lening RSA Agri Makelaars (Edms) Bpk	**7,50**	**3 113**	8,50	4 476
Handels- en ander krediteure	**–**	**370 856**	–	335 700

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
Ten einde die Groep se blootstelling aan rentekoersveranderings te illustreer, word die invloed van rentekoersveranderings op die drabedrae van rentedraende finansiële bates en finansiële laste en gevolglik wins na belasting, soos volg geïllustreer:		
Rentedraende bates	**732 028**	691 634
Rentedraende laste	**(344 645)**	(373 443)
Netto rentedraende bates	**387 383**	318 191
'n Halwe persentasiepunt toename in rentekoerse	**1 395**	1 145
'n Halwe persentasiepunt afname in rentekoerse	**(1 395)**	(1 145)

Prysrisiko:

Die Groep word blootgestel aan ekwiteitsinstrumente prysrisiko weens beleggings wat deur die Groep gehou word en wat geklassifiseer word as beskikbaar-vir-verkoop in die staat van finansiële posisie.

Die Groep is betrokke in die verhandeling van graankommoditeite om sodoende sy silo-infrastruktuur ten volle te benut. Dit is die Groep se bedoeling om enige prysrisiko wat ontstaan uit fluktuasies in die kommoditeitspryse tydens die verhandeling van graankommoditeite te verskans. Die Groep gebruik kommoditeitskontrakte, opsie-kontrakte of ander afgeleide finansiële instrumente om die kommoditeitsprysrisiko te verskans. Verskansing van kommoditeite geskied binne beperkings daargestel deur die direksie. Die verskansingsbeleid is voldoende aanpasbaar ten einde bestuur te bemagtig om verskansing vinnig aan te pas na aanleiding van moontlike veranderinge in die kommoditeitsmark.

Ten einde die Groep se blootstelling aan kommoditeitsprysrisiko's te illustreer, word die invloed van prysskommelings op die drabedrae van finansiële bates en finansiële laste en gevolglik wins na belasting, soos volg geïllustreer:

Invloed van 'n toename van R100 per ton in kommoditeitspryse op Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies	**1 404**	673
Invloed van 'n toename van R100 per ton in kommoditeitspryse op Afgeleide Finansiële Instrumente	**(1 404)**	(673)
	–	–
Invloed van 'n afname van R100 per ton in kommoditeitspryse op Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies	**(1 404)**	(673)
Invloed van 'n afname van R100 per ton in kommoditeitspryse op Afgeleide Finansiële Instrumente	**1 404**	673
	–	–

Kredietrisiko:
Die konsentrasie van potensiële kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantekwivalente beleggings en handelsdebiteure.

Die Groep beperk sy teenpartyblootstellings met betrekking tot aanvraagdeposito's deur slegs met goed gevestigde finansiële instellings met hoë kwaliteit kredietgraderings te handel.

Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot aantal klante. As gevolg van 'n streng kredietbeleid, wat die deurlopende hersiening van kredietlimiete, sekuriteit en kredietevaluerings van die finansiële posisies van sodanige klante insluit, is die Groep van mening dat die kredietrisiko's verbonde aan hierdie finansiële bates onder normale omstandighede betreklik klein is. Aangesien die oorgrote meerderheid van die handelsdebiteure aan die landbousektor verbonde is, kan natuurrampe, opeenvolgende swak produksieseisoene en laer as verwagte kommoditeitspryse die invorderbaarheid van hierdie finansiële bates benadeel. Die kredietrisiko's verbonde aan handelsdebiteure word beperk deur die opneem van sekuriteite, soos verbande oor eiendom, notariële verbande oor roerende bates en sessies oor verwagte oeste. Handelsdebiteure word netto van die voorsiening vir waardedaling getoon. Rente op handelsdebiteure word gehef teen 'n basiskoers plus 'n faktor vir die risiko gekoppel aan die klant. Die Groep is van mening dat daar nie enige wesenlike konsentrasie van risiko op jaareinde, wat nie versekureer of voldoende voorsien is, bestaan nie.

Handelsdebiteure word verdeel in die volgende kategorieë: Debiteure binne terme, Debiteure buite terme maar het geen waardedaling ondergaan nie en Debiteure wat 'n waardedaling ondergaan het.

	Graan R'000	Vrugte R'000	Groente R'000	Ander R'000	Totaal R'000
Debiteure binne terme (vereffenings-datum is nog nie oorskry nie)					
30 September 2010					
Saldo	**172 428**	**241 194**	**85 989**	**91 033**	**590 644**
Sekuriteite teen billike waarde	**(30 500)**	**(28 639)**	**(31 666)**	**(1 130)**	**(91 935)**
Blootstelling aan kredietrisiko	**141 928**	**212 555**	**54 323**	**89 903**	**498 709**
30 September 2009					
Saldo	201 903	212 380	60 987	75 867	551 137
Sekuriteite teen billike waarde	(39 045)	(19 221)	(15 872)	(1 856)	(75 994)
Blootstelling aan kredietrisiko	162 858	193 159	45 115	74 011	475 143

Gegrond op die betalingsgeskiedenis van Debiteure binne terme op jaareinde, is bestuur van mening dat die kredietkwaliteit van hierdie kategorie van debiteure goed is.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	Graan R'000	Vrugte R'000	Groente R'000	Ander R'000	Totaal R'000
Debiteure buite terme (vereffenings-datum is oorskry) maar het geen waardedaling ondergaan nie					
30 September 2010					
Saldo	32 781	68 391	5 626	14 089	120 887
Gedeelte binne terme	18 573	21 460	4 391	7 812	52 236
30 dae buite terme	–	–	–	–	–
60 dae buite terme	92	156	9	–	257
90 dae buite terme	238	924	80	1 633	2 875
120 dae en meer buite terme	13 878	45 851	1 146	4 644	65 519
Sekuriteite teen billike waarde	(15 873)	(17 409)	(3 598)	(2 227)	(39 107)
Blootstelling aan kredietrisiko	16 908	50 982	2 028	11 862	81 780
30 September 2009					
Saldo	42 402	62 883	6 121	5 746	117 152
Gedeelte binne terme	26 763	25 070	2 932	4 018	58 783
30 dae buite terme	–	–	–	–	–
60 dae buite terme	–	93	–	11	104
90 dae buite terme	288	1 990	48	1 460	3 786
120 dae en meer buite terme	15 351	35 730	3 141	257	54 479
Sekuriteite teen billike waarde	(16 131)	(11 811)	(2 214)	(1 836)	(31 992)
Blootstelling aan kredietrisiko	26 271	51 072	3 907	3 910	85 160
Debiteure wat 'n waardedaling ondergaan het					
30 September 2010					
Saldo	10 810	12 172	5 088	8 052	36 122
Voorsiening vir waardedaling	(7 279)	(11 566)	(4 561)	(7 957)	(31 363)
Saldo begin van jaar	(5 325)	(5 590)	(1 991)	(13 218)	(26 124)
Voorsiening aangewend	57	698	4	4 708	5 467
Voorsiening teruggeskryf/(geskep)	(2 011)	(6 674)	(2 574)	553	(10 706)
Sekuriteite teen billike waarde	(3 531)	(403)	(527)	–	(4 461)
Blootstelling aan kredietrisiko	–	203	–	95	298
30 September 2009					
Saldo	5 684	8 381	2 491	15 632	32 188
Voorsiening vir waardedaling	(5 325)	(5 590)	(1 991)	(13 218)	(26 124)
Saldo begin van jaar	(2 125)	(12 258)	(1 379)	(5 791)	(21 553)
Voorsiening aangewend	80	1 734	–	1 154	2 968
Voorsiening teruggeskryf/(geskep)	(3 280)	4 934	(612)	(8 581)	(7 539)
Sekuriteite teen billike waarde	(359)	(1 447)	(500)	(2 264)	(4 570)
Blootstelling aan kredietrisiko	–	1 344	–	150	1 494

Likiditeitsrisiko:

Die Groep se beleid is om wesenlike onbenutte bankfasiliteite en reserwe leenkapasiteit te handhaaf ten einde enige likiditeitsrisiko wat die Groep mag hê, te verlig. Seisoenale faktore veroorsaak dat die Groep beduidende fluktuasies in korttermynlenings het. Gevolglik vereis die Groep se beleid dat voldoende leenfasiliteite beskikbaar is om geprojekteerde leenhoogtepunte te oorskry.

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
Die Groep se onbenutte leningsfasiliteite is soos volg:		
Totale leningsfasiliteite	**623 000**	603 000
Netto rentedraende skuld	**(329 405)**	(356 586)
	293 595	246 414

Die kontraktuele termyne van die Groep se verpligtinge op verslagdoeningsdatum is soos volg:

	1 tot 6 maande R'000	7 tot 12 maande R'000	12 maande en langer R'000	Totaal R'000
30 September 2010				
Handels- en ander krediteure	**355 133**	**19 680**	**–**	**374 813**
Finansiële instrumente – Laste	**557**	**–**	**–**	**557**
Finansiële instrumente – Bates	**(557)**	**–**	**–**	**(557)**
Korttermynlenings	**–**	**368 527**	**–**	**368 527**
	355 133	**388 207**	**–**	**743 340**
30 September 2009				
Handels- en ander krediteure	318 169	17 531	–	335 700
Finansiële instrumente – Laste	770	–	–	770
Finansiële instrumente – Bates	(770)	–	–	(770)
Korttermynlenings	–	402 942	–	402 942
	318 169	420 473	–	738 642

Billike waarde skatting:

Beleggings en afgeleide finansiële instrumente

Die billike waarde van finansiële instrumente wat in 'n aktiewe mark verhandel, word gebaseer op die gekwoteerde markprys op verslagdoeningsdatum. Die gekwoteerde markprys wat gebruik word vir finansiële bates wat deur die Groep gehou word, is die huidige bodprys.

Handelsdebiteure en handelskrediteure

Die nominale waarde van handelsdebiteure, na inagneming van die voorsiening vir waardedaling, en handelskrediteure word geag die billike waarde te wees.

Finansiële laste

Die billike waarde van finansiële laste vir openbaarmakingsdoeleindes word beraam deur die toekomstige kontantvloeie te verdiskonteer teen die huidige markrentekoers wat beskikbaar is aan maatskappye met soortgelyke finansiële instrumente.

Kapitaalhandhawing:

Die maatskappy beskou totale ekwiteit, wat insluit aandelekapitaal, aandelepremie, reserwes en tesourie aandele, as kapitaal. Die verhouding tussen kapitaal en skuld is die kapitaalverhouding. Die Groep se doelwit met die bestuur van die kapitaalverhouding is om te verseker dat die Groep as 'n lopende onderneming sal bly voortbestaan en welvaart skep vir sy aandeelhouers en ander belanghebbers. Die invloed op die kapitaalverhouding word in ag geneem by besluite oor die verklaring van dividende, terugkoop van aandele, uitreiking van aandele, aankoop en verkoop van bates en beleggings en die aangaan of terugbetaling van skuld. Die beweging in kapitaal word in die Staat van veranderinge in ekwiteit op bladsy 37 uiteengesit en die kapitaalverhoudings op bladsy 10.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
17. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE		
Waarborge vir persoonlike lenings	220	408
Kaap Agri Bedryf Beperk waarborg sekere lenings van personeel by Absa Bank Beperk. Die maatskappy is van mening dat geen finansiële verlies sal ontstaan nie, aangesien die maatskappy oor sekuriteite vanaf die personeel beskik.		
Ondersoek – Mededingingskommissie	–	–
Die Mededingingskommissie het Kaap Agri in kennis gestel dat hy ondersoek instel na beweerde gesamentlike vasstelling van graan stoortariewe deur landboubesighede en SAFEX uit hoofde van hulle lidmaatskap van Graan Silo Industrie Beperk. Die Kommissie het alle rolspelers ingelig dat die aangeleentheid na die Mededingingstribunaal verwys is. Die maksimum boete kan soveel as tien persent van geaffekteerde omset beloop. Kaap Agri sal sy volle samewerking aan die Kommissie en Tribunaal verleen. Die tydsverloop en moontlike finansiële gevolg kan nie tans bepaal word nie.		
	220	408
Bedryfshuurbetalings:		
Betaalbaar binne een jaar	18 111	14 833
Betaalbaar tussen een en vyf jaar	33 128	28 377
Betaalbaar na vyf jaar	2 763	4 118
	54 002	47 328
18. KAPITAALVERPLIGTINGE		
Gekontrakteer	15 337	19 060
Nog nie gekontrakteer nie	20 000	20 000
	35 337	39 060
Hierdie verpligtinge is goedgekeur deur die direksie. Die verpligtinge sal gefinansier word met eie en geleende fondse.		
19. INKOMSTE		
Verskaffing van produkte en dienste	2 399 385	2 222 221
Finansieringsmarge op direkte transaksies	50 171	51 870
	2 449 556	2 274 091
20. ANDER BEDRYFSINKOMSTE		
Rente ontvang	62 083	72 493
– Handelsdebiteure wat geen waardedaling ondergaan het nie	57 577	66 498
– Handelsdebiteure wat 'n waardedaling ondergaan het	2 976	2 409
– Ander	1 530	3 586
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	1 161	707
Wins met verkoop van beleggings	–	107
Opbrengs met versekeringseis – eiendom, aanleg en toerusting	3 583	–
Dividende ontvang – ongenoteer	–	17
Buitelandse valuta verskille	2	57
Afleweringskoste verhaal	3 797	4 248
Huur ontvang	5 652	4 476
Slegte skuld verhaal	311	777
Ander inkomste	10 282	12 912
	86 871	95 794

21. UITGAWES VOLGENS AARD

	GROEP 2010 R'000	GROEP 2009 R'000
Koste van produkte verkoop	2 024 943	1 858 143
– Koste van verkope	2 026 434	1 886 106
– Netto gerealiseerde inkomste van afgeleide finansiële instrumente	(1 491)	(27 963)
Waardevermindering	12 973	12 171
– Eiendomme	1 384	1 850
– Graansilo's	1 287	1 257
– Masjinerie en toerusting	2 805	2 848
– Voertuie	967	726
– Meubels en kantoortoerusting	6 530	5 376
– Gekapitaliseerde bruikhuurbates	–	114
Verbeterings aan huureiendom afgeskryf	355	106
Afskrywing van eiendom, aanleg en toerusting weens brand	1 232	–
Direkteursvergoeding – Uitvoerend en nie-uitvoerend	8 773	10 824
Personeelkoste	213 589	192 444
– Salarisse, lone en bonusse	189 687	170 012
– Voorsiening vir langtermynaansporingskema	122	678
– Werkgewersbydrae tot pensioenfonds (omskrewe bydraeplan)	17 422	15 401
– Werkgewersbydrae tot mediese voordele	1 279	1 217
– Verhoging in voorsiening vir na-aftrede mediese voordele	149	951
– Opleidingskoste	4 930	4 185
Ouditeursvergoeding	2 326	2 010
– Vir oudit	2 206	1 958
– Ander dienste	120	70
– Oorvoorsiening vorige jaar	–	(18)
Huur betaal	19 849	15 827
– Geboue	12 056	8 470
– Voertuie	5 378	4 909
– Masjinerie en toerusting	2 415	2 448
Ander okkupasiekostes	29 883	27 515
Rekenaarkoste	9 572	9 050
Bemarkingskoste	18 640	17 110
Vervoer/distribusie	27 986	26 243
Slegte skuld afgeskryf	5 468	2 987
Verhoging in voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure	5 239	4 571
Klandisiewaarde afgeskryf	800	–
Ander uitgawes	22 282	19 663
	2 403 910	2 198 664

	Aantal	
Aantal werknemers in diens op jaareinde	1 621	1 514

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
22. DIREKTEURSVERGOEDING		
Betaal aan direkteure ten opsigte van:		
Uitvoerende direkteure – besoldiging	7 138	9 231
– Salarisse	6 882	5 858
– Prestasiebonus	–	1 003
– Voorsiening vir langtermynaansporingskema	256	2 370
Nie-uitvoerende direkteure – besoldiging	1 635	1 593
– Dienste as direkteure	1 549	1 500
– Ander kostes	86	93
	8 773	10 824
23. FINANSIERINGSKOSTE		
Banke en ander	25 401	36 841
Bruikhuurverpligtinge	–	3
	25 401	36 844
24. INKOMSTEBELASTING		
Belastinguitgawe:		
Huidige belasting – huidige jaar	27 615	38 460
Uitgestelde belasting – huidige jaar	(744)	(2 438)
Belasting vir die jaar	26 871	36 022
Berekende belastingverlies:		
Berekende belastingverlies beskikbaar vir aanwending teen toekomstige belasbare inkomste	14 673	13 006
Aangewend teen uitgestelde belasting	–	–
Netto beskikbaar vir toekomstige aanwending	14 673	13 006
Die belastingverligting bereken teen huidige koerse beloop	4 108	3 642
	%	%
Die belasting op die Groep se wins voor belasting verskil van die teoretiese bedrag wat verkry sal word as die statutêre koers gebruik word, soos volg:		
Statutêre belastingkoers	28,00	28,00
Aangesuiwer vir:		
Nie-belasbare inkomste	(0,91)	(0,16)
Tydelike verskille nie voorsien nie	0,26	(0,06)
Kapitaalwins	0,31	0,14
Verskil in belastingkoers van buitelandse filiaal	(0,21)	(0,05)
Benutting van aangeslane verliese nie voorheen erken nie	(1,02)	(0,39)
Uitgestelde belasting op aangeslane verliese voorheen nie erken nie	(1,35)	–
Effektiewe koers – Bedrywighede	25,08	27,48
Aandeel in wins van geassosieerde maatskappye	(9,58)	(15,87)
Effektiewe koers – Gekonsolideer	15,50	11,61
	R'000	R'000
Berekende SBM verpligting indien die Groep se totale reserwes as dividend verklaar sou word	145 590	136 733
Onbenutte SBM krediete	(7 507)	(8 774)
Voorwaardelike verpligting	138 083	127 959

25. VERDIENSTE PER AANDEEL

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000

Basies

Basiese verdienste per aandeel word bereken deur die wins toeskryfbaar aan die aandeelhouers van die Groep te deel deur die geweegde gemiddelde aantal gewone aandele wat uitgereik was gedurende die jaar, uitgesluit gewone aandele teruggekoop deur die Groep en gehou as tesourie aandele.

Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers van die Groep	**146 401**	274 151
Rekonsiliasie tussen verdienste en wesensverdienste:		
Netto wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**146 401**	274 151
Netto wins met verkoop van bates	**(836)**	(560)
Bruto	**(1 161)**	(707)
Belastingeffek	**325**	147
Netto wins met verkoop van beleggings	**–**	(98)
Bruto	**–**	(107)
Belastingeffek	**–**	9
Netto opbrengs met versekeringseis weens brand	**(2 013)**	–
Bruto opbrengs	**(3 583)**	–
Afskrywing van eiendom, aanleg en toerusting	**1 232**	–
Belastingeffek	**338**	–
Klandisiewaarde afgeskryf	**800**	–
Wesensverdienste aanpassing vir geassosieerde maatskappy	**597**	19 233
Wesensverdienste	**144 949**	292 726
Geassosieerde maatskappy – Mededingskommissie boetes	**205 603**	–
Aangepaste wesensverdienste	**350 552**	292 726
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele ('000)	**246 340**	246 040
	Sent	
Verdienste per aandeel (sent)	**59,43**	111,43
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**58,84**	118,97
Aangepaste wesensverdienste per aandeel (sent)	**142,30**	118,97

Wesensverdienste word bereken ingevolge Omsendbrief 8/2007 uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters. Aangepaste wesensverdienste word gedefinieer as wesensverdienste, uitgesluit die effek van Mededingingskommissie boetes van die geassosieerde maatskappy.

Verwaterde verdienste per aandeel word nie getoon nie, aangesien daar geen potensiële verwateringsinstrumente op verslagdoeningsdatum bestaan nie.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000
26. DIVIDEND PER AANDEEL		
Tussentyds		
2,0 sent (2009: 8,0 sent) per aandeel	**4 927**	19 707
Finaal		
22,0 sent (2009: 22,0 sent) per aandeel	**54 195**	54 195
	59 122	73 902

Dividende betaalbaar word nie verantwoord voor verklaring deur die direksie nie. Die Staat van Veranderinge in Ekwiteit reflekteer nie die finale dividend betaalbaar nie. Die finale dividend vir die jaar geëindig 30 September 2010 sal verantwoord word as 'n verdeling van behoue wins in die jaar wat eindig op 30 September 2011.

27. NETTO KONTANTWINS UIT BEDRYFSAKTIWITEITE		
Bedryfswins per inkomstestaat	**132 517**	171 221
Aangesuiwer vir:		
– Waardevermindering	**12 973**	12 171
– Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(1 161)**	(707)
– Wins met verkoop van beleggings	**–**	(107)
– Opbrengs met versekeringseis – eiendom, aanleg en toerusting	**(3 583)**	–
– Afskrywing van eiendom, aanleg en toerusting weens brand	**1 232**	–
– Klandisiewaarde afgeskryf	**800**	–
– Afname in voorsienings	**(5 347)**	(14 994)
– Verbeterings aan huureiendom afgeskryf	**355**	106
	137 786	167 690
28. BEDRYFSKAPITAALVERANDERINGE		
Toename in voorraad	**(4 072)**	(9 230)
Toename in handels- en ander debiteure	**(52 579)**	(24 466)
Toename/(afname) in handels- en ander krediteure	**40 236**	(24 740)
	(16 415)	(58 436)
29. INKOMSTEBELASTING BETAAL		
Balans verskuldig/(vooruit betaal) aan begin van jaar	**(127)**	23 594
Belastinguitgawe in inkomstestaat	**27 615**	38 460
Balans vooruitbetaal/(verskuldig) aan einde van jaar	**(1 032)**	127
	26 456	62 181
30. VERKRYGING VAN BEDRYWIGHEDE		
Nie-bedryfsbates	**103**	–
Bedryfsbates	**3 754**	–
Klandisiewaarde	**800**	–
Koopsom vereffen in kontant	**4 657**	–

Verwys na aantekening 31 vir meer besonderhede.

	GROEP	
	2010	2009
	R'000	R'000

31. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS

Op 1 Oktober 2009 het die Groep die bates en besigheid van Blaauwberg Trading CC bekom.

Die bates en laste op datum van verkryging kan soos volg opgesom word:

Drawaarde

Aangesien die Groep die bates van hierdie besigheid, eerder as die aandele in die regsentiteit wat vroeër sodanige bates besit het, verkry het, is dit onprakties om die drawaarde, in die boeke van die vorige eienaars voor die verkryging, te openbaar. In hierdie omstandighede het die Groep nie toegang tot sulke drawaardes nie.

Billike waarde

Bates		
Voorraad	1 704	–
Handelsdebiteure	1 026	–
Klandisiewaarde	800	–
Koopsom	3 530	–

'n Aankoopprystoedeling soos vereis deur IFRS 3: "Besigheidsamevoegings" is uitgevoer en geen wesenlike ontasbare bates is geïdentifiseer nie. Om hierdie rede is die klandisiewaarde betaal, eenmalig in die inkomstestaat afgeskryf.

Die verkrygde besigheid het R11,2 miljoen in die huidige finansiële jaar sedert verkryging bygedra tot die Groep se totale omset. Die verkrygde besigheid het 'n netto verlies van R1,5 miljoen in die huidige finansiële jaar sedert verkryging gerealiseer.

Op 1 Oktober 2009 het die Groep die bates en besigheid van Orban Investments 13 CC, h/a Texas Trading, bekom.

Die bates en laste op datum van verkryging kan soos volg opgesom word:

Drawaarde

Aangesien die Groep die bates van hierdie besigheid, eerder as die aandele in die regsentiteit wat vroeër sodanige bates besit het, verkry het, is dit onprakties om die drawaarde, in die boeke van die vorige eienaars voor die verkryging, te openbaar. In hierdie omstandighede het die Groep nie toegang tot sulke drawaardes nie.

Billike waarde

Bates		
Toerusting	103	–
Voorraad	1 024	–
Koopsom	1 127	–

'n Aankoopprystoedeling soos vereis deur IFRS 3: "Besigheidsamevoegings" is uitgevoer en geen wesenlike ontasbare bates of klandisiewaarde is geïdentifiseer nie.

Die verkrygde besigheid het R8,8 miljoen in die huidige finansiële jaar sedert verkryging bygedra tot die Groep se totale omset. Die verkrygde besigheid het 'n netto verlies van R1,4 miljoen in die huidige finansiële jaar sedert verkryging gerealiseer.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER

32. BELANG IN FILIALE

Naam van filiaal	Uitgereikte aantal aandele 2010	Uitgereikte aantal aandele 2009	Aandeelhouding (%) 2010	Aandeelhouding (%) 2009
Kaap Agri Beleggings Beperk	19 705 494 000	19 705 494 000	100,00	100,00
Kaap Agri Bedryf Beperk	155 153 321	155 153 321	100,00	100,00
Agri Voedsel Beleggings (Edms) Bpk	906 041	906 041	100,00	100,00
Kaap Agri (Namibia) (Edms) Bpk	400	400	100,00	100,00
Cerino Trading 25 (Edms) Bpk	120	120	100,00	100,00
Agri IT Beperk	6 010 000	6 010 000	100,00	100,00
Agriplas (Edms) Bpk	7 000	7 000	100,00	100,00

33. INLIGTING OOR BEDRYFSEGMENTE

Die bedryfsegmente is deur bestuur bepaal op grond van die verslagdoening wat die besturende direkteur gebruik vir strategiese besluitneming. Die besturende direkteur oorweeg die besigheid vanuit 'n afdelingsperspektief. Die prestasie van die volgende afdelings word afsonderlik oorweeg: Handel, meganisasie, produkte en saadverwerking asook besproeiing: vervaardiging en groothandel. Die prestasie van die bedryfsegmente word beoordeel op grond van 'n maatstaf van inkomste sowel as wins voor belasting.

Segmentinkomste en -resultate	Segmentinkomste 2010 R'000	Segmentinkomste 2009 R'000	Segmentresultate 2010 R'000	Segmentresultate 2009 R'000
Handel	1 927 949	1 792 764	81 062	90 057
Meganisasie	159 124	120 375	4 185	1 525
Produkte en saadverwerking	284 709	279 406	17 175	29 793
Besproeiing: vervaardiging en groothandel	70 037	74 756	3 584	3 074
Totaal vir rapporteerbare segmente	2 441 819	2 267 301	106 006	124 449
Korporatief	7 737	6 790	(49 531)	(50 347)
Tesourie	–	–	50 641	60 275
Belegging in geassosieerde maatskappye	–	–	66 156	175 796
Totale eksterne inkomste	2 449 556	2 274 091		
Wins voor belasting			173 272	310 173
Inkomstebelasting			(26 871)	(36 022)
Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers			146 401	274 151

Segmentbates en -laste	Segmentbates 2010 R'000	Segmentbates 2009 R'000	Segmentlaste 2010 R'000	Segmentlaste 2009 R'000
Handel	503 510	459 899	314 183	274 451
Meganisasie	42 381	48 932	12 352	8 673
Produkte en saadverwerking	48 627	42 110	14 775	10 742
Besproeiing: vervaardiging en groothandel	23 927	28 164	5 680	8 826
Totaal vir rapporteerbare segmente	618 445	579 105	346 990	302 692
Korporatief	107 051	116 968	59 480	73 473
Handelsdebiteure	716 290	674 353	–	–
Korttermynlenings	–	–	344 645	373 443
Belegging in geassosieerde maatskappye	1 570 452	1 543 622	–	–
Uitgestelde belasting	4 555	1 661	2 271	117
	3 016 793	2 915 709	753 386	749 725

Ander segmentinligting	Kapitale uitgawes		Waardevermindering	
	2010 R'000	2009 R'000	2010 R'000	2009 R'000
Handel	24 384	35 524	4 562	3 114
Meganisasie	709	1 254	257	291
Produkte en saadverwerking	3 008	2 391	2 120	1 976
Besproeiing: vervaardiging en groothandel	779	1 303	855	1 330
Totaal vir rapporteerbare segmente	28 880	40 472	7 794	6 711
Korporatief	4 196	6 333	5 179	5 460
	33 076	46 805	12 973	12 171

	2010 R'000	2009 R'000
Geografiese inkomste vir die Groep word toegeskryf aan die onderskeie lande op grond van die ligging van die klant. Geen enkele klant verteenwoordig meer as 10% van die Groep se inkomste nie.		
Suid-Afrika	2 255 933	2 139 486
Namibië	193 623	134 605
Totaal	2 449 556	2 274 091
Nie-bedryfsbates (uitgesluit uitgestelde belasting) is geleë in die volgende lande:		
Suid-Afrika	1 870 437	1 827 072
Namibië	5 277	3 535
Totaal	1 875 714	1 830 607

KAAP AGRI BEPERK

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE op 30 September

	Aantekening	MAATSKAPPY 2010 R'000	MAATSKAPPY 2009 R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Belegging in filiaalmaatskappy	2	**1 881 875**	1 881 875
Bedryfsbates			
Lening filiaalmaatskappy	3	**479 230**	479 230
Totale bates		**2 361 105**	2 361 105
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes			
Gewone aandelekapitaal	4	**2 552**	2 552
Aandelepremie		**2 358 553**	2 358 553
Totale ekwiteit		**2 361 105**	2 361 105
Totale ekwiteit en laste		**2 361 105**	2 361 105

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE vir die jaar geëindig 30 September

	MAATSKAPPY 2010 R'000	MAATSKAPPY 2009 R'000
Beleggingsinkomste – Kaap Agri Beleggings Beperk	**61 239**	79 100
Ander bedryfsuitgawes	**(4)**	(4)
Wins voor belasting	**61 235**	79 096
Inkomstebelasting	**–**	–
Netto wins vir die jaar	**61 235**	79 096

STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT vir die jaar geëindig 30 September

	MAATSKAPPY Aandele-kapitaal R'000	MAATSKAPPY Aandele-premie R'000	MAATSKAPPY Behoue wins R'000
Saldo 1 Oktober 2008	2 552	2 358 553	–
Netto wins vir die jaar	–	–	79 096
Dividend betaal	–	–	(79 096)
Saldo 30 September 2009	2 552	2 358 553	–
Netto wins vir die jaar	**–**	**–**	**61 235**
Dividend betaal	**–**	**–**	**(61 235)**
Saldo 30 September 2010	**2 552**	**2 358 553**	**–**

STAAT VAN KONTANTVLOEIE
vir die jaar geëindig 30 September

	MAATSKAPPY 2010 R'000	2009 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Netto kontantverlies uit bedryfsaktiwiteite		
Bedryfswins per inkomstestaat	61 235	79 096
Aangesuiwer vir:		
Beleggingsinkomste	(61 239)	(79 100)
	(4)	(4)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Dividende ontvang	61 239	79 100
	61 239	79 100
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Dividende betaal	(61 235)	(79 096)
	(61 235)	(79 096)
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	–	–
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar	–	–
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar	–	–

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE
vir die jaar geëindig 30 September

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die belangrikste rekeningkundige beleid, wat in die opstelling van hierdie finansiële state geïnkorporeer is, word op bladsye 22 tot 33 uiteengesit. Die voorbereiding van finansiële state in ooreenstemming met IFRS vereis die gebruik van sekere kritiese rekeningkundige ramings. Dit vereis ook die gebruik van oordeel deur bestuur in die toepassing van die maatskappy se rekeningkundige beleid. Daar is geen areas wat kompleks is of 'n hoër vlak van oordeel vereis nie, of areas waar aannames of beramings wesenlik is tot die finansiële state nie.

	MAATSKAPPY 2010 R'000	2009 R'000
2. BELEGGING IN FILIAALMAATSKAPPY		
Ongenoteerd		
Kaap Agri Beleggings Beperk		
Aantal aandele uitgereik: 19 705 494 000 (2009: 19 705 494 000)		
Aandeelhouding: 100% (2009: 100%)		
Aandele teen kosprys	1 881 875	1 881 875
3. LENING FILIAALMAATSKAPPY		
Kaap Agri Beleggings Beperk	479 230	479 230
Die drabedrag van die lening is benaderd gelyk aan die billike waarde daarvan op die verslagdoeningsdatum.		
Die lening is onverseker, rentevry en daar bestaan geen spesifieke terugbetalingsvoorwaardes nie.		
4. GEWONE AANDELEKAPITAAL		
Gemagtig: 400 000 000 gewone aandele van R0,01 elk	4 000	4 000
Uitgereik: 255 147 696 gewone aandele van R0,01 elk (2009: 255 147 696 gewone aandele van R0,01 elk)	2 552	2 552
Alle uitgereikte aandele is ten volle opbetaald.		
5. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES		
Verwys na aantekening 2 en 3.		

ADMINISTRASIE

Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor

RH Köstens

Voortrekkerweg 65, Malmesbury, 7300

Posbus 22, Malmesbury, 7299

Telefoonnommer: 022 482 8000

Faksnommer: 022 482 8008

Internet adres: www.kaapagri.co.za

Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Ing

Aandele-oordragkantoor

Kontakpersoon: Lizelle Bleeker

Posbus 13, Porterville, 6810

Telefoonnommer: 022 931 8200

Faksnommer: 086 636 7200

E-pos: lbleeker@kaapagri.co.za

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

KAAP AGRI BEPERK

Registrasienommer 2007/015880/06
Voortrekkerweg 65
Posbus 22
MALMESBURY
7299
18 Januarie 2011

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN KAAP AGRI BEPERK

Kennis geskied hiermee dat die Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers van die maatskappy gehou sal word in die Kaap Agri Ledesaal, Voortrekkerweg 65, Malmesbury, op Donderdag, 10 Februarie 2011, om 11:00 ten einde:

1. Die finansiële jaarstate van die Kaap Agri Groep vir die periode geëindig 30 September 2010, insluitende die direkteursverslag en die verslag van die onafhanklike ouditeure, te oorweeg.
2. Die direkteursvergoeding goed te keur.
3. Die heraanstelling van die ouditeure PricewaterhouseCoopers Ing. as die ouditeure vir die volgende jaar goed te keur, en die Ouditkomitee te magtig om die ouditeure se vergoeding te bepaal.
4. Direkteure te verkies en aan te stel ten einde die poste te vul wat ontstaan as gevolg van die uittrede of bedanking van direkteure.

   Nota:

   Mnre BS du Toit, NC Loubser en HS Louw tree uit deur rotasie. Al drie direkteure is beskikbaar vir herverkiesing.

   Die besonderhede van die kandidate is soos volg:

   4.1 Mnr BS du Toit (Gebore 1957)
   Boer, Op-die-Berg, Ceres
   Dien op die direksie van Kaap Agri Beperk.

   4.2 Mnr NC Loubser (Gebore 1954)
   Boer, Robertson
   Dien op die direksie van Kaap Agri Beperk.

   4.3 Mnr HS Louw (Gebore 1954)
   Boer, Rawsonville
   Dien op die direksie van Kaap Agri Beperk

   Aantekeninge:
   Die voorstelling van 'n persoon vir verkiesing as direkteur is onderworpe aan die bepalings van Artikels 14 en 22 van die maatskappy se Statute wat onder meer die volgende voorskrifte bevat:

   1. Niemand buiten 'n uittredende direkteur is, tensy deur die direksie aanbeveel, bevoeg om as direkteur op enige algemene vergadering verkies te word nie, tensy hy deur minstens twee (2) lede as direkteur genomineer word, welke nominasie skriftelik moet wees en minstens veertien (14) dae voor die vergadering waarop die direkteur verkies sou word, ingedien moet word by die maatskappy se geregistreerde kantoor.

   2. Die voorgestelde persoon moet, tensy laasgenoemde ook die voorsteller is, sy nominasie skriftelik aanvaar welke aanvaarding aangeheg moet word by die betrokke nominasie.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

5. Die volgende spesiale besluit te oorweeg en goed te keur:

   "Besluit dat die Raad van Direkteure gemagtig word om, by wyse van 'n algemene magtiging wat sal geld tot en met die datum van die volgende Algemene jaarvergadering, die volgende goed te keur:

   Die aankoop deur die maatskappy of enige filiaal van die maatskappy van aandele wat deur die maatskappy uitgereik is, met dien verstande dat:

   1. die algemene magtiging slegs sal geld tot die maatskappy se volgende algemene jaarvergadering, onderworpe daaraan dat sodanige algemene jaarvergadering nie langer as 15 maande na datum van hierdie resolusie plaasvind nie;

   2. die algemene magtiging om aandele terug te koop beperk word tot 10% van die maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal op die datum wat sodanige terugkoop goedgekeur word deur die raad van direkteure;

   3. die prys waarteen die aandele aangekoop word nie meer mag wees as 5% meer as die gemiddelde prys waarteen die aandele van die maatskappy in die maand voorafgaande die goedkeuring verhandel het nie."

   Redes en effek van die spesiale besluit :

   Die spesiale besluit het ten doel om aan die direkteure 'n algemene bevoegdheid te verleen om aandele wat deur die maatskappy uitgereik is, terug te koop. Die direkteure is van voorneme om sodanige bevoegdheid uit te oefen indien omstandighede dit vereis, maar onderhewig aan die beperkinge en vereistes vervat in artikel 85 van die Wet, naamlik dat aandele nie teruggekoop mag word nie indien:

   (a) die maatskappy nie in staat is, of na die betaling nie in staat sal wees, om sy skulde te betaal soos hulle in die gewone loop van besigheid verskuldig word nie; of

   (b) die gekonsolideerde bates van die maatskappy billik gewaardeer, na die betaling minder sal wees as die gekonsolideerde laste van die maatskappy.

6. Enige ander sake wat op 'n Algemene Jaarvergadering behandel kan word, af te handel.

'n Aandeelhouer van die maatskappy wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem, is geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te stel om die vergadering namens hom by te woon en daarop te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie.

Behoorlik voltooide volmagvorms moet nie minder nie as 48 (ag en veertig) uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor die vasgestelde aanvangstyd van die vergadering by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ingedien word.

In opdrag van die direksie.

R H Köstens
Groepsekretaris

VOLMAG

KAAP AGRI

Aantal aandele

Ek/Ons (volle naam) _____

van (adres) _____

synde 'n aandeelhouer van KAAP AGRI BEPERK stel hiermee aan

_____ van _____ of indien nie hy nie

_____ van _____ of indien nie hy nie

_____ van _____ of indien nie hy nie

die Voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde om op die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat gehou staan te word op die 10de dag van Februarie 2011 en enige verdaging daarvan, soos volg namens en ten behoewe van my/ons te stem.

	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
1. Direkteursvergoeding			
2. Heraanstelling van ouditeure			
3. Verkiesing van direksie			
Mnr B S du Toit			
Mnr NC Loubser			
Mnr H S Louw			
4. Spesiale besluit – Terugkoop van aandele			

(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis (X) in die ruimte hierbo voorsien.)

Tensy anders opgedra, kan my gevolmagtigde stem soos hy goeddink.

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 2011

_____

Handtekening

Hierdie volmag is slegs geldig indien die volmagvorm minstens 48 uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor die tyd wat vir die vergadering bepaal is, terugbesorg word aan die Groepsekretaris, Posbus 22, Malmesbury, 7299 (faksnommer: 022 482 8008).

Dokumentêre bewys ter bevestiging van die magtiging van 'n persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid teken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg word.

Diegene wat nie aandele hou in eie naam nie moet met hulle makelaars in verbinding tree om die toepaslike reëlings te tref met betrekking tot bywoning of stemming op die vergadering.

Uitnodiging

Die Algemene Jaarvergadering
word op Donderdag
10 Februarie 2011 om 11:00
in die Kaap Agri Ledesaal,
Voortrekkerweg, Malmesbury, gehou.

Aandeelhouers word vriendelik uitgenooi
om na afloop van die Jaarvergadering
tee saam met die Direksie te geniet.

KAAP AGRI

Besigheidsadres en geregistreerde kantoor: Voortrekkerweg 65 | Malmesbury 7300